Weg! Ry&Sleep

# Oordgids 2026

## 176 uitgesoekte kampplekke reg oor Suid-Afrika



## + 58 nuwe oorde!

R145,00 (BTW ingesluit)
Namibië N$150,00

Foto's | Geriewe | GPS-punte | Kontakbesonderhede



Badplaas, A Forever Resort

FOREVER
RESORTS • LODGES • HOTELS • RETREATS

Ervaar die skoonheid van Suid-Afrika, een onvergeetlike vakansiebestemming op 'n slag. Forever Resorts is geleë in van die mooiste dele van ons land en bied die ideale wegbreek vir avontuurlustiges, families én natuurliefhebbers. Kom kamp saam onder die sterre, maak jouself tuis in ons gerieflike chalets en rondawels, baljaar in die natuur of ontspan langs die swembad – en geniet die beste van Suid-Afrika by Forever Resorts.

**BESPREEK VANDAG NOG JOU VOLGENDE VAKANSIE. SIT AGTEROOR, ONTSPAN EN VERLOOR JOUSELF IN DIE SKOONHEID VAN MZANSI.**



Tshipise, A Forever Resort



Gariep, A Forever Resort



Warmbaths, A Forever Resort



Swadini, A Forever Resort



Loskopdam, A Forever Resort



Blyde Canyon, A Forever Resort



Phalaborwa Safari Park, A Forever Resort



Plettenberg, A Forever Resort

**DIE FOREVER RESORTS TOEP BESKIKBAAR OP**

GET IT ON Google Play

Download on the App Store

HUAWEI EXPLORE IT ON AppGallery

*Redakteursbrief*

# Reg oor Suid-Afrika

Sedert die *Oordgids* in 2010 die eerste keer verskyn het, het elkeen van die daaropvolgende uitgawes 'n unieke tema gehad wat gewissel het van leserskeuses en kampplekke met stergrading tot gewilde kampstreke, gesinsoorde en natuurkampe.

In hierdie 14de uitgawe val die klem op minder bekende kampplekke, en boonop verdeel ons die 176 oorde netjies tussen die nege provinsies. In elke *Oordgids* tot dusver was daar 'n rits nuwe kampplekke waarvan ons jou vertel, en vanjaar is geen uitsondering nie.

Soos altyd gee ons vir jou al die inligting by elke oord. Dié besonderhede is alles sorgvuldig nagegaan, en by 'n klomp van hulle het ons gehoor daar is nuwe dinge aan die gang. Moet dus nie aanneem jy ken 'n kampplek nie; dit is dalk onlangs opgeknap óf het heeltemal van gedaante verander.

Vanjaar voeg ons twee nuwe ikone by elke oord se inligtingkassie. Dit kom nadat Johan van Drimmelen van Pretoria, 'n getroue leser wat al donkiejare saam met sy vrou, Rena, kamp, ons gekontak en voorgestel het ons plaas ikone vir 'n warmwaterswembad en een wat wys of langtermynkampeerders welkom is.

**Verhitte swembad** **Lankstaan**

Volledigheidshalwe gebruik ons die warmwaterswembad-ikoon ook by kampplekke met houtbrandbaddens en warmwaterspa's, en die lankstaan-ikoon vir oorde waar jy vir tot 31 dae kan bespreek.

Daar's dalk heelwat nuwe plekke in hierdie 2026-uitgawe, maar dit beteken nie ons het vergeet van jou gunstelingoorde nie. Forever Resorts stap al agt jaar die pad saam met die *Oordgids* en maak vanjaar weer so. Soos altyd is daar omvattende inligting oor al nege Forever-oorde. Ons hartlike dank aan almal by Forever vir hulle betrokkenheid.

Lekker kamp.

*Leon*

Redakteur: *Oordgids* 2026
leon.botha@media24.com

VOORBLADFOTO **VROLIKHEID, BL. 117**

*Redaksie*

**Oordgids 2026**

**REDAKSIE**
**REDAKTEUR:** ***RY & SLEEP***
SCHALK JONKER schalk.jonker@media24.com
**REDAKTEUR:** ***OORDGIDS***
LEON BOTHA leon.botha@media24.com
**UITLEGKUNSTENAAR** OWEN WILLOUGHBY owen.willoughby@media24.com
**TEKSREDAKTEUR** PETER VAN NOORD peter@subteks.co.za
**MEDEWERKER** DONVÉ BOTHA
**MULTIMEDIA** DESIREE HARTNEY desiree.hartney@media24.com

**MEDIA24 KORPORATIEF**
**UITVOERENDE HOOF: MEDIA24** RAJ LALBAHADUR
**UITVOERENDE HOOF: MEDIA24 MEDIA** MINETTE FERREIRA

**UITGEWERSPAN: MEDIA24 LEEFSTYL**
**FINANSIËLE BESTUURDER** LANA GOLIATH
**INKOMSTEHOOF** NERISA COETZEE
**BEDRYFSHOOF** EDWINA LYNERS
**HOOF: PRODUKSIE** JACQUES DU PLOOY

**KONTAK ONS**
ANN DU BOIS 011 713 9529 ann.dubois@media24.com

**KAAPSTAD**
**POSADRES** *Ry & Sleep*, Posbus 740, Kaapstad 8000
**STRAATADRES** Media24-gebou,
Heerengracht 40, Kaapstad 8001

**JOHANNESBURG**
POSADRES
*Ry & Sleep*, Posbus 785266, Sandton 2146
STRAATADRES
Kikuyustraat 6, Sunninghill 2191

**INTEKENINGE, HERNUWINGS EN NAVRAE**
087 353 1300 | +27 (0)21 065 0033
Faks 086 296 6681 | WhatsApp 087 353 1333
SMS "diens" na 31069
subs@media24.com

© Kopiereg *Ry & Sleep*. Alle regte voorbehou. Gedeeltelike of algehele reproduksie sonder die skriftelike toestemming van die redakteur is streng verbode.

*Inhoud*

| NR. | OORD | BLADSY |
|---|---|---|
| | **LIMPOPO** | **10** |
| 1 | Mazhou | 12 |
| 2 | Forever Tshipise | 12 |
| 3 | Pafuri-rivierkamp | 13 |
| 4 | Nthakeni-bos-en-rivierkamp | 14 |
| 5 | Forever Phalaborwa Safari Park | 14 |
| 6 | Bushriver-lodge | 15 |
| 7 | Maru Djembe | 16 |
| 8 | Bushwillow Creek (Nguni-kamp) | 16 |
| 9 | Tupelo Honey Experience | 18 |
| 10 | Ruby River-oord | 18 |
| 11 | Serengeti | 20 |
| 12 | Matamba | 20 |
| 13 | Sebenza Creek | 22 |
| 14 | Bergkoninkryk | 22 |

| NR. | OORD | BLADSY |
|---|---|---|
| 15 | Kleine Bela | 24 |
| 16 | Marula-oase | 24 |
| 17 | San Cha Len | 26 |
| 18 | Forever Warmbad | 26 |
| 19 | Doorndraai | 27 |
| | **NOORDWES** | **30** |
| 20 | Thabaledi | 32 |
| 21 | Onverwags | 32 |
| 22 | Hartbeeshoek | 33 |
| 23 | Rotsinbos | 33 |
| 24 | Dube | 34 |
| 25 | Bosveld-oase Brits | 35 |
| 26 | Rust-oord | 36 |
| 27 | Bergrivier-lodge | 36 |
| 28 | Drie Berge | 37 |
| 29 | Piesangkloof | 38 |
| 30 | Kareespruit | 39 |
| 31 | Waterkloof-hengeloord Kosterdam | 39 |
| 32 | Konka | 40 |
| 33 | Kruger Ranch | 40 |
| 34 | Pigmy-lodge | 41 |
| 35 | Klipspruit | 42 |
| 36 | Club Amigos | 42 |
| 37 | TangleWood | 43 |
| 38 | Umfula | 43 |
| | **GAUTENG** | **44** |
| 39 | Nonyana-rivierlodge | 46 |
| 40 | Soetdoring | 46 |
| 41 | Zelpy | 47 |
| 42 | Country Park | 47 |
| 43 | Smuts-woonwapark | 48 |
| 44 | Wonderland 45 | 48 |
| 45 | Somabula | 49 |
| 46 | Erasmus | 49 |
| 47 | Kyleu | 50 |
| 48 | Jabula | 50 |
| 49 | Hayward's | 51 |
| 50 | Willem's Rus | 51 |
| 51 | Klipspringerkloof | 52 |
| 52 | Nyani | 52 |
| 53 | Roratau | 53 |
| 54 | Tussen-I-Bome | 53 |
| 55 | Bass Lake | 54 |
| 56 | Ruah Park | 54 |
| 57 | Dikgomo Cottages | 55 |
| | **MPUMALANGA** | **58** |
| 58 | Forever Swadini | 60 |
| 59 | Forever Blydecanyon | 61 |
| 60 | Maroela | 62 |
| 61 | Kromklip | 62 |
| 62 | Kruger's Camping | 63 |
| 63 | Mac Mac Forest Retreat | 63 |
| 64 | Kiaat-bungalows | 64 |
| 65 | Onder-Sabie | 64 |
| 66 | Marlothi-safaripark | 65 |
| 67 | Jackalberry Ridge | 65 |
| 68 | Malelane-gholfklub | 66 |

| NR. | OORD | BLADSY |
|---|---|---|
| 69 | Hippo Waterfront | 66 |
| 70 | Forever Loskopdam | 67 |
| 71 | Pienaardam | 68 |
| 72 | Rocky Drift | 68 |
| 73 | Forever Badplaas | 69 |
| 74 | Oppi Rooiplaas | 70 |
| 75 | Sundowner-lodge | 70 |
| 76 | Camp Jordan | 71 |
| | **NOORD-KAAP** | **74** |
| 77 | Kroon-lodge | 76 |
| 78 | Starwors | 76 |
| 79 | Klipwerf | 78 |
| 80 | Sterland | 78 |
| 81 | Soutpoort | 79 |
| 82 | Dreghorn | 79 |
| 83 | Lake Grappa | 80 |
| 84 | Die Mas | 81 |
| 85 | Kalahari-water | 81 |
| 86 | Kalahari-gastehuis | 82 |
| 87 | Kalahari Monate-lodge | 82 |
| 88 | Kheis Riverside-lodge | 83 |
| 89 | Witsand | 83 |
| 90 | Kalahari-erfenis | 84 |
| 91 | Red Sands | 84 |
| 92 | Mattanu | 85 |
| 93 | Kambro | 85 |
| 94 | Vluytjieskraal-rivierpark | 86 |
| 95 | Vanderkloof-damwal | 86 |
| 96 | River Destiny | 87 |
| | **KWAZULU-NATAL** | **88** |
| 97 | Eden@Kosi | 90 |
| 98 | Cycad Rock | 90 |
| 99 | Umziki-chalets | 91 |
| 100 | Bivanedam | 91 |
| 101 | Bahati | 92 |
| 102 | Nyalazi | 92 |
| 103 | Kwa-Rie | 93 |
| 104 | Lobotes | 93 |
| 105 | Torwoodlea | 94 |
| 106 | Highmoor | 94 |
| 107 | Mount Park-gasteplaas | 95 |
| 108 | Highland Nook | 95 |
| 109 | Khotso | 96 |
| 110 | Silverstreams | 96 |
| 111 | Scottburgh | 97 |
| 112 | River Valley | 97 |
| 113 | Mtwalumi | 98 |
| 114 | TO-strand | 98 |
| 115 | The Pont | 99 |
| | **VRYSTAAT** | **102** |
| 116 | The Dell | 104 |
| 117 | Casa Cara | 104 |
| 118 | Udolpho | 105 |
| 119 | Dimalachite | 105 |
| 120 | River Run-oord | 106 |
| 121 | Limerick | 106 |
| 122 | Tava Lingwe | 107 |

| NR. | OORD | BLADSY |
|---|---|---|
| 123 | Kasteelkop | 107 |
| 124 | Bassfeather | 108 |
| 125 | Oberammergau | 108 |
| 126 | Uithoek | 109 |
| 127 | Meiringskloof | 109 |
| 128 | Old Mill Drift | 110 |
| 129 | Oranje-gasteplaas | 110 |
| 130 | River of Joy | 111 |
| 131 | Maselspoort | 111 |
| 132 | Reyneke Park | 112 |
| 133 | Forever Gariep | 112 |
| 134 | Waschbank-rivierlodge | 113 |
| | **WES-KAAP** | **114** |
| 135 | Letsatsi-lodge | 115 |
| 136 | Rondeberg | 115 |
| 137 | Koningskop | 116 |
| 138 | Cedar Escape (Bosrivier) | 116 |
| 139 | Wacky Adventures | 117 |
| 140 | Vrolikheid | 117 |
| 141 | Niemandsland | 118 |
| 142 | Silwerstrand | 119 |
| 143 | De Bos | 122 |
| 144 | Doringlaagte | 122 |
| 145 | Montagu-woonwapark | 123 |
| 146 | Glen Eden | 126 |
| 147 | African Game-lodge | 126 |
| 148 | Potdeksel | 127 |
| 149 | Buffelsrivier | 127 |
| 150 | Windhoek | 128 |
| 151 | Rooiheuwel | 128 |
| 152 | De Bakke Santos | 129 |
| 153 | Dibiki | 129 |
| 154 | ArendsRus | 130 |
| 155 | Forever Plettenberg | 130 |
| 156 | Tsitsikamma Sunrise | 131 |
| | **OOS-KAAP** | **132** |
| 157 | Kouga Wildernis | 134 |
| 158 | Kudu Kaya | 134 |
| 159 | Geelkrans | 135 |
| 160 | Gamtoos Ferry-hotel | 135 |
| 161 | Intaba-lodge | 136 |
| 162 | Sitrusoewer | 136 |
| 163 | Nqweba | 137 |
| 164 | Ganora | 137 |
| 165 | Welvanpas | 138 |
| 166 | Peperboom | 138 |
| 167 | Karnmelkspruit | 139 |
| 168 | Valschfontein | 139 |
| 169 | Medolino | 140 |
| 170 | Palm Springs | 140 |
| 171 | Nature's Rest | 142 |
| 172 | Nahoon-woonwapark | 142 |
| 173 | Cefani-mond | 144 |
| 174 | Yellowwood Forest | 144 |
| 175 | Trennerys | 146 |
| 176 | Cedarberg-gasteplaas | 146 |


NAMIBIË
BOTSWANA
NOORD-KAAP
WES-KAAP
Kuruman
Upington
Kimberley
Pofadder
Oudtshoorn
Kaapstad
77
78
79
80
81
82
83
84
85
86
87
88
89
90
91
92
93
94
135
136
137
138
139
140
141
142
143
144
145
146
147
148
149
150
151
152
153
154
155
156
157


LIMPOPO
Mokopane
MOSAMBIEK
MPUMALANGA
ESWATINI
GAUTENG
Pretoria
Johannesburg
NOORDWES
VRYSTAAT
Bloemfontein
Newcastle
KWAZULU-NATAL
LESOTHO
Durban
OOS-KAAP
Oos-Londen
Gqeberha
IKOON-SLEUTEL
Krag: driepunthuisprop
Troeteldiere toegelaat
Krag: blou woonwaprop
Hengel toegelaat
Selfoonontvangs in oord
Veilige swemplek
Winkel met kruideniersware
Het eie braaiplek
Restaurant op perseel
Wifi in oord
Verhitte swembad
Lankstaan



Forever Tshipise







# Limpopo



Bushwillow Creek (Nguni-kamp)



Maru Djembe


Bergkoninkryk


Serengeti


Bushriver-lodge


Sebenza Creek


Matamba


Marula-oase


Forever Warmbad

# 1 MAZHOU







**Kampplek** 10 gelyk staanplekke – klein en groot – met genoeg koelte. Elke staanplek het elektrisiteit en 'n eie kraan. Jy mag langsaan by die Limpopo Forest-tentkamp swem.
**Ablusiegeriewe** 1 skoon en klein badkamer, plus 'n kombuis oorkant.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 015 534 7923/4 (Mapungubwe- nasionale park)
mapungubwe@sanparks.org
sanparks.org
**Naaste dorp** Alldays 56 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 8,9 km is 'n taamlik goeie grondpad.
**GPS** S22.187839 E29.202149

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Augustus 2016 (*WegSleep* #91).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles op datum.

# 2 FOREVER TSHIPISE







# 3 PAFURI-RIVIERKAMP









**Kampplek** 25 onafgebakende staanplekke op sand met hope koelte en badkamers naby. Basiese wegneemetes mits jy vooraf reël.
**Ablusiegeriewe** Verskeie geboue en opwasplek regdeur die kampplek, en boomhuise.
**Aankoms- en vertrektyd** Buigsaam.
**Kontak** info@pafuri.co.za
083 659 1517 pafuri.africa.com
**Naaste dorp** Musina 135 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 3 km is 'n klipperige tweespoorpaadjie, en die paaie in die oord meer sanderig – jy het nie 'n 4x4 nodig nie.
**GPS** S22.422178 E31.036260

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Januarie-Februarie 2014 (*WegSleep* #63).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 2 grondtente het bygekom.

LIMPOPO





**GERIEWE & AKTIWITEITE**

- Kitsbank
- Rolbal (slegs binne seisoen)
- Wildritte
- Kinderspeelpark
- Waskamer (werk met munte)
- Drankwinkel
- Natuurstaproetes
- Minigholf en trampoliens
- Rumatiekbad (binnenshuis)
- Kouewaterswembad
- Tennisbane
- Warm mineraalswembad
- Jukskei (binne seisoen)



**Kampplek** 341 afgebakende staanplekke, meestal op grond tussen koeltebome. Staanplekke vir gestremde mense het plaveisel. Hoogstens 8 mense per staanplek word toegelaat, en wifi is in die restaurant beskikbaar.
**Ablusiegeriewe** 7 badkamergeboue wat deur die park versprei staan – almal met opwasplek. Die wasmasjiene gebruik R5-munte.
**Aankoms- en vertrektyd** 15:00 (of vroeër) en 11:00.
**Kontak** 015 539 0634
forevertshipise.co.za
tshipise@foreversa.co.za
**Naaste dorp** Musina 36 km.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot hier.
**GPS** S22.60576 E30.17345

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Oktober-November 2021 (*Ry & Sleep* #45).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles op datum.

# 4 NTHAKENI-BOS-EN-RIVIERKAMP








**Kampplek** 2 gerieflike staanplekke (met jou eie kombuis en badkamer); 3 rivierstaanplekke (eie badkamer by sentrale geriewe en opwasplek) en 2 boskampe (eie badkamer en opwasplek) en 'n baie basiese kamp met 'n emmerstort (darem met warm water) en toilet.
**Ablusiegeriewe** Jou eie. Jy stook 'n donkie met hout wat verskaf word.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00, tensy anders gereël.
**Kontak** 078 854 9218
info@nthakeni.com nthakeni.com
**Naaste dorp** Musina 140 km (5,5 km van die Krugerwildtuin se Pafurihek af).
**Hoe lyk die pad?** 3,9 km grondpad wat jy met 'n gewone voertuig en wa sal maak.
**GPS** S22.427257 E31.035310

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is agtermekaar.

LIMPOPO

# 5 FOREVER PHALABORWA SAFARI PARK



# 6 BUSHRIVER-LODGE





**Kampplek** Hier is vier staanplekke waarvan twee effens meer afgeleë en privaat is. Die onomheinde kampplek is tussen die lodge en rivier, ongeveer 150 m van die oewer af.
**Ablusiegeriewe** Aparte geriewe vir mans en vroue, albei met binne- én buitestorte, en hier is 'n gemeenskaplike kombuis met opwasplek, 'n yskas en gasstoof.
**Aankoms- en vertrektyd** Ná 14:00 en vertrektye buigsaam.
**Kontak** 079 366 7258
info@bushriver.co.za bushriver.co.za
**Naaste dorp** Hoedspruit 25 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 1,2 km grondpad tot hier is mooi genoeg sodat jy met 'n gewone voertuig en padwa kan kom kuier.
**GPS** S24.224380 E30.818706

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is op datum.

---









**Kampplek** 46 staanplekke van 10 x 10 m op rooi grond en onder groot mopaniebome – almal met krag en water. Wifi by die kantoor.
**Ablusiegeriewe** 2 badkamergeboue met opwaskamers bo en onder in die kampplek.
**Aankoms- en vertrektyd** 15:00 en11:00.
**Kontak** 015 781 7500 of 060 451 9209
safarires@foreversa.co.za
phalaborwasafaripark.co.za
**Naaste dorp** Phalaborwa 1,2 km.
**Hoe lyk die pad?** Heelpad teerpad.
**GPS** S23.945699 E31.163469

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Augustus 2015 (*WegSleep* #80).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is op datum.

**GERIEWE & AKTIWITEITE**
- Plaaslike restaurante
- Olifantsrivier-safari's
- Bergfietsry
- Voëlsoek
- Staproetes
- Gholfbaan
- Rotsswembad

# 7 MARU DJEMBE







**Kampplek** 10 staanplekke lukraak in die bos sonder krag. Party op grond en ander op gras.
**Ablusiegeriewe** 2 aparte geboue vir mans en vroue met die storte in 'n volgende. Dit is in 2 vertrekke met 'n oop stort, ook met 'n toilet, plus 3 buitestorte.
**Aankoms- en vertrektyd** Vanaf 14:00 en 10:00.
**Kontak** 082 801 3350 bookings@marudjembe.co.za marudjembe.co.za
**Naaste dorp** Hoedspruit 14 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 1,4 km is 'n netjiese grondpad.
**GPS** S24.235422 E30.879761

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Augustus-September 2023 (*Ry & Sleep* #56).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die gemeenskaplike kombuis met 'n yskas, vrieskas en gasstoof.

# 8 BUSHWILLOW CREEK (NGUNI-KAMP)







**Kampplek** Plek vir tot 12 mense: 5-6 tente of tot 3 waens. Wanneer jy bespreek, is die plek julle s'n. Daar is 'n klein plonspoel.
**Ablusiegeriewe** Eenvoudig en prakties. Die onderdakkombuis is 'n wenner. Daar's onder meer 'n drieplaatgasstoof en bankiestel met 'n tafel vir 6.
**Aankoms- en vertrektyd** 13:00 (buigsaam) en 10:00.
**Kontak** lisa@bushwillowcreek.co.za 072 944 5250 bushwillowcreek.co.za
**Naaste dorp** Hoedspruit 10 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 5,2 km tot by die hek is 'n breë grondpad, maar kom eerder met jou grondpadwa. Die pad is nie geskik vir lae voertuie nie.
**GPS** S24.323443 E30.904287

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Augustus-September 2023 (*Ry & Sleep* #56).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is klopdisselboom.


INVADER
Off-Road Campers
Ruim gemak. Maklik om te sleep.
Geen kompromieë nie.
www.invader.co.za

## 9 TUPELO HONEY EXPERIENCE





**Kampplek** 3 private kampe in 'n woud – slegs bereikbaar met 'n 4x4 en boswa.
**Ablusiegeriewe** Luuks en privaat in die oopte. Jy het jou eie plonspoel, kombuis en sitplek.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 082 335 6803
bookings@theherbcottage.co.za
tupelohoneyexperience.co.za
**Naaste dorp** Haenertsburg 18 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 2,5 km is 'n steil grondpad teen berghange, en die laaste 500 m net bedoel vir 4x4-voertuie.
**GPS** S23.878988 E30.007519

**WAS ONS AL HIER?** Ja, April-Mei 2023 (*Ry & Sleep* #54).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is op datum.

## 10 RUBY RIVER-OORD






**Kampplek** 35 genommerde staanplekke op gras. Van die staanplekke het nie kragpunte nie, maar almal het 'n braaiplek (met 'n rooster). Die selfoonsein is wisselvallig en jy moet versigtig wees by die rivier, want daar is krokodille.
**Ablusiegeriewe** 2 badkamergeboue: 1 by die rivier en 1 aan die bokant. Albei het elektriese geisers en opwasplek. By die boonste geriewe is daar ook 'n gesinsbadkamer.
**Aankoms- en vertrektyd** 09:00 en 15:30.
**Kontak** 013 262 4941 of 083 673 3067
admin@rubyriverresort.co.za
rubyriverresort.co.za
**Naaste dorp** Groblersdal 23 km.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot hier.
**GPS** S25.311099 E29.424871

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Julie 2017 (*WegSleep* #101).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles agtermekaar.




Nuwe: Okto-woonwaens, Afrispoor, Metalian, Nayela en Freeline Maverick-veldwoonwaens.
Edgeout en Vagabond Teardrop sleepwaens. Metalian-grondpadsleepwaens.
*Talle goeie gehalte uitgesoekte, gebruikte woonwaens. *Kamp- en veldsleepwaens.
*Dak- en sleepwatente, seil- en nylonkamptente. *Fabrieksgoedgekeurde werkswinkel.
*Volle toegeruste LeisureWorld winkel met al jou kamp en woonwa toerusting en parte.

LeisureWorld

# Loftus Caravan City

Bel: 011-792-1456

OKTO CARAVANS · SWIFT · AFRISPOOR · NAYELA · EDGEOUT · metalian · FREELINE CAMPERS · VAGABOND

# 11 SERENGETI







**Kampplek** 108 staanplekke op plaveisel, elk met krag, water en sy eie geboude braaiplek (met 'n rooster). Party staanplekke het gras rondom en die meeste kry koelte. Die selfoonsein is nie te waffers nie, maar wifi is beskikbaar in die ontspanningsgebied.
**Ablusiegeriewe** 5 gemeenskaplike badkamergeboue met aparte geriewe vir mans en vroue. Dit sluit opwasplek in en 'n wasgoeddiens is beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 013 261 8903 069 944 9192
serengeti@ctecg.co.za
serengeticaravanpark.co.za
**Naaste dorp** Groblersdal en Marble Hall, albei 17 km.
**Hoe lyk die pad?** Ongeveer 1,5 km grondpad wat gereeld geskraap word.
**GPS** S25.090249 E29.285705

**WAS ONS AL HIER?** Ja, November 2012 (*WegSleep* #50).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles in orde.

LIMPOPO

# 12 MATAMBA







**Kampplek** 6 kampplekke in die bos met eie krag, water en gemeenskaplike badkamers (3 met eie opwasplek), plus 'n private staanplek vir tot 30 mense sonder krag maar met 2 badkamers en opwasplek. Wifi by die lodge.
**Ablusiegeriewe** 4 afsonderlike en gemeenskaplike badkamers en 'n kombuis.
**Aankoms- en vertrektyd** 12:00-18:00 en 10:00. (Jy mag langer aanbly as jou staanplek nie bespreek is nie.)
**Kontak** 083 653 1287
matambabushcamp.com
info@matambabushcamp.com
**Naaste dorp** Vaalwater 30 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 2 km is 'n grondpad.
**GPS** S24.099978 E27.979719

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Mei 2015 (*WegSleep* #77).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Bespreek en betaal aanlyn.



Outdoor Warehouse Dienste
MES SLYP
GPS KAART OPDATERING
TENTPAAL HERSTEL
LASER GRAVERING
TOETS 12V TOERUSTING
KABELS OPMAAK
MOZ REISVERSEKERING
AVONTUURBELAAIDE
KAMPERING
Avontuur wag nie vir die onvoorbereides nie. Pak slim, kamp reg, en omskep jou stukkie wildernis in 'n persoonlike basiskamp.
OUTDOOR WAREHOUSE
vir elke avontuur
SKANDEER WINKEL VINDER
vir jou naaste winkel of skakel tolvry 0800 007 261
OutdoorW
Outdoorwarehouseza

# 13 SEBENZA CREEK







**Kampplek** 38 onafgebakende staanplekke; jy kies 'n lappie koelte waar jy wil opslaan.
**Ablusiegeriewe** Afsonderlike geriewe vir mans en vroue met 'n bad en storte. Die opwasplek vir skottelgoed en klere (gratis gebruik van wasmasjien) is in die vertrek tussen die twee kante, en elektriese geisers sorg vir warm water.
**Aankoms- en vertrektyd** Geen vasgestelde tye nie.
**Kontak** 087 149 0188 of 082 687 8759
info@sebenzacreek.co.za
sebenzacreek.co.za
**Naaste dorp** Modimolle 10 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 4,7 km ná die R101-teerpad is netjiese grondpad.
**GPS** S24.635794 E28.431876

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is op datum.



# 14 BERGKONINKRYK







**Kampplek** Hier is vier private staanplekke: Vaalboom, Sekelbos, Wildesering en Raasblaar. Die groepie staanplekke is bymekaar. Hier is slegs Vodacom-ontvangs en die winkel het die nodigste.
**Ablusiegeriewe** Jou badkamer het 'n stort, handewasbak op 'n groot blad, spieël, bankie, toilet en opwasplek.
**Aankoms- en vertrektyd** Buigsaam; reël wanneer jy bespreek.
**Kontak** 071 354 0110
sulita.dekock@gmail.com
bergkoninkrykguestfarm.com
**Naaste dorp** Modimolle 9 km.
**Hoe lyk die pad?** Die hek is net 700 m van die naaste teerpad af en jy kan enige tyd met 'n sedan en 'n gewone padwoonwa kom kuier.
**GPS** S24.660516 E28.473330

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 'n Betonpad tussen die hek en die staanplekke, en elke staanplek het nou 'n skadunet.

# DIREKTEURSTOEL

Vou kompak op






Maks dra gewig: 180kg+



Hierdie stoele word deur lodges en toeroperateurs gebruik en word karnuffel op 'n daaglikse basis en hulle hou.

Verwyderbare oortreksel vir maklike vervanging.
(Vervangingstelle ook beskikbaar)

# TENTCO BOKS

## IDEAAL VIR AL JOU BERGINGBEHOEFTES






STAPELBAAR OP OU EN NUWE TENTCO-BOKS



VERSTERKTE DUBBEL-WAND-HOEKE



GERIEFLIKE DRAHANDVATSELS



KEPE VIR DRABANDE



VERSINKDEKSEL-ONTWERP



OMTRENT 35 LITERS



**OOK BESKIKBAAR BY:**
NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS

Camp & Climb, Kloppers, Outdoor Warehouse, agra, Agri Land, takealot, LeisureWorld, Agrimark, Moto Kniers, Bushwhackers, Riley's Garage, Megabuild

# 15 KLEINE BELA





**Kampplek** 50+ staanplekke: 20 gewones en die res vir langtermynkampeerders. Die gewone staanplekke is op gras en het koelte en 'n kragpunt. Jy kan wegneemetes bestel, en bring jou eie braaier of gebruik die boma.
**Ablusiegeriewe** 4 badkamergeboue. Hier is opwasplek en die wasmasjien werk met munte.
**Aankoms- en vertrektyd** 10:00 en 15:00.
**Kontak** 076 0500 219 of 083 651 0558
info@kleinebela.co.za
kleinebela.co.za
**Naaste dorp** Bela-Bela en Modimolle, onderskeidelik 13 km en 14 km.
**Hoe lyk die pad?** Skaars 300 m goeie grondpad.
**GPS** S24.821226 E28.397267

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is mooi agtermekaar.

# 16 MARULA-OASE









**Kampplek** 77 kampplekke waarvan 45 op gras en 32 met plaveisel – en baie met koeltebome.
**Ablusiegeriewe** 4 ablusieblokke met luukse afwerking plus twee aparte gesinsbadkamers en badkamers vir gestremde mense. Hier is ook opwasplek, dreineerplek vir kassettoilette en 'n waskamer met masjiene (dit gebruik R2-munte).
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 014 001 7014 of 073 040 6731
marula.bookings@wisurf.co.za
marulaoase.co.za
**Naaste dorp** Bela-Bela 7 km.
**Hoe lyk die pad?** Heelpad teerpad.
**GPS** S24.851895 E28.344153

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Augustus-September 2025 (*Ry & Sleep* #68).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 'n Speletjieskamer, mini-waterpark vir die kleintjies, en die waterwurm is nou 'n jaar oud.


FVELDT®
WAAR JOU AVONTUUR BEGIN
DIE ADVENTURER SERIES™
Die Ripstop-seil Koepeltent, Vervolmaak.
Beskikbaar in 'n 2-, 3- en 4-Slaap.
Falkson Outdoor Leisure Products is die eksklusiewe verspreiders van Fveldt in Suid-Afrika. Kontak ons - Tel: +27 87 265 8114 E-pos: sales@falksontents.co.za

## 17 SAN CHA LEN







**Kampplek** 31 geplaveide staanplekke met wisselende koelte en losstaande braaiers – 2 van die staanplekke het elk 'n private badkamer.
**Ablusiegeriewe** 2 badkamergeboue met opwasplek plus 2 opwasplekke eenkant, en 2 gesinsbadkamers.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 11:00, maar dit word nie streng toegepas in stiller tye nie.
**Kontak** 072 215 6882 of 072 478 5181
info@sanchalen.co.za
sanchalen.co.za
**Naaste dorp** Bela-Bela 11 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 2,5 km is 'n grondpad waaraan gewerk word.
**GPS** S24.891502 E28.374174

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Februarie 2011 (*WegSleep* #30).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 'n Boskamp vir langstaankampeerders is die nuutste toevoeging. Hier is 9 geplaveide staanplekke met 3 gesinsbadkamers.

## 18 FOREVER WARMBAD












**GERIEWE & AKTIWITEITE**
- Verhitte buiteswembaddens
- Golfswembad (koue water)
- Waterwurms, spoedglyplanke en 'n riviervaart
- Binnenshuise hidroswembaddens en spa
- Foefieslaaid en reksprongtrampolien
- Tennis-, vlugbal- en muurbalbane
- Wildritte
- Minigholf, quadfietse en trapbootjies

# 19 DOORNDRAAI











**Kampplek** 10 private staanplekke, elk op 'n groot plavleiblok met heelwat koelte en jou eie boma. Ook 4 bosstaanplekke op 'n skoongemaakte stuk waar jy heeltemal selfversorgend moet wees.
**Ablusiegeriewe** Jou eie op elk van die 10 private staanplekke – dis eenvoudig vyfster. Dit sluit 'n kombuis in. Geen geriewe in die boskampe.
**Aankoms- en vertrektyd** 13:00 en 11:00.
**Kontak** info@doorndraailodge.co.za 071 993 6190 doorndraailodge.co.za
**Naaste dorp** Rooiberg 6,6 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 5,7 km is 'n klipperige grondpad. Jy kan jou gewone woonwa hierheen sleep, maar vat dit stadig. Daarna is dit harde sandpad tot by jou staanplek.
**GPS** S24.731639 E27.696036

**WAS ONS AL HIER?** Ja, April-Mei 2021 (*Ry & Sleep* #42).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die 4x4-roete was die laaste toevoeging.





**Kampplek** 225 staanplekke met krag en 'n braaier met 'n rooster, en 66 luukse staanplekke met plaveisel. Hoogstens 8 mense per staanplek.
**Ablusiegeriewe** 9 moderne ablusieblokke – skoon en netjies. Jy help jouself in die waskamer en dis gratis.
**Aankoms- en vertrektyd** 15:00 en 11:00. (Gaste is welkom om op hulle vertrekdag die swembadgeriewe tot 17:00 te gebruik.)
**Kontak** 014 736 8500 warmbaths@foreversa.co.za foreverwarmbaths.co.za
**Naaste dorp** Die oord is op Bela-Bela.
**Hoe lyk die pad?** Teerpad tot hier.
**GPS** S24.889797 E28.292209

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Januarie 2019 (*Ry & Sleep* #18).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Hulle is besig om die badkamers by die kragstaanplekke op te kikker – een is reeds voltooi.




FOREVER
RESORTS • LODGES • HOTELS • RETREATS

**TEL:** +27 (0)12 423 5600
**E-POS:** info@foreversa.co.za
**WEB:** www.foreversa.co.za

Aftrede is nie die einde van jou storie nie, dit dui slegs die begin aan van jou volgende groot hoofstuk – en wat 'n opwindende een is dit nie! Dis nou jou kans om die meeste van jou nuutgevonde vryheid te geniet – ontdek nuwe plekke, probeer aktiwiteite waarvan jy al jare lank droom, en maak herinneringe wat jou vir ewig sal bybly.
En waar beter om jou welverdiende vakansie af te skop as by Forever Resorts? Met eksklusiewe afslag en spesiale pensioenaristariewe, nooi ons jou om die beste van jou aftrede te maak in ons gerieflike chalets, knus rondawels en prentjiemooi kampeerterreine. Ontspan, verken en begin jou volgende avontuur saam met Forever!



**Forever Resorts is geleë in van Suid-Afrika se mees asemrowende omgewings** en bied 'n wye verskeidenheid akkommodasie-opsies. Van rustige staproetes in die natuur tot opwindende wildritte, ons oorde bied die perfekte balans tussen ontspanning en avontuur.

Of jy nou 'n vinnige naweekwegbreek beplan of langtermynverblyf soek, maak vandag nog gebruik van ons eksklusiewe pensioenaris-afslag!

*Eksklusief*
**PENSIOENARIS-AFSLAG BESKIKBAAR!**

Kontak ons vandag nog vir meer inligting oor ons ongelooflike tariewe!

**BEPALINGS EN VOORWAARDES GELD.**

Tariewe geld slegs buite seisoen en elke aanbod is onderhewig aan individuele bepalings en voorwaardes – beskikbaar op aanvraag by die spesifieke Forever-oord. Pensioenaris-tariewe is slegs van toepassing op besprekings wat direk by die oord gemaak word, en nie aanlyn nie. Tariewe kan verander sonder enige kennis of waarskuwing. Foute en weglatings uitgesluit. Hierdie tariewe is slegs buite seisoen van toepassing, en pryse word bepaal deur die datum en seisoen van die bespreking. Aanbiedinge is onderhewig aan beskikbaarheid en kan nie saam met ander afslae en aanbiedinge gebruik word nie. Pryse sluit slegs akkommodasie in – alle ekstras is vir gaste se eie rekeninge. Slegs een afslag per bespreking.



Klipspruit

# Noordwes



Bosveld-oase Brits




Piesangkloof




Drie Berge


Rust-oord


Club Amigos


Dube

## 20 THABALEDI







**Kampplek** 32 gelyk staanplekke, elk met 'n betonblok vir jou woonwa en taamlike koelte. Een swembad by die staanplekke. Die restaurant bied ontbyt en kroegetes.
**Ablusiegeriewe** Jou eie badkamer in 'n gebou naby jou staanplek. Party het 'n bad en ander 'n stort, en daar is ook opwasplek.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00-20:00 en 10:00.
**Kontak** info@thabaledi.com
084 754 7137 of 087 330 52970
thabaledi.com
**Naaste dorp** Brits 70 km (verby die Assen-polisiekantoor).
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 8,7 km is 'n netjiese grondpad wat goed genoeg is om 'n gewone padwa te sleep.
**GPS** S25.230258 E27.647898

**WAS ONS AL HIER?** Ja, April-Mei 2021 (*Ry & Sleep* #42).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles in die haak.

## 21 ONVERWAGS









**Kampplek** 'n Kampterrein met 60 staanplekke waarvan 3 private staanplekke met hulle eie badkamergeriewe.
**Ablusiegeriewe** Die gewone staanplekke deel 7 gemeenskaplike badkamers. By elkeen is 'n opwasplek en die selfhelpwasgoeddiens gebruik munte.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00, maar dis buigsaam.
**Kontak** 082 899 1900 Onverwags Vakansie Oord info@onverwags.co.za
**Naaste dorp** Brits 23 km.
**Hoe lyk die pad?** 5 km grondpad tot by die hek plus 'n kilometer tot by die kantoor.
**GPS** S25.458906 E27.786079

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Oktober 2019 (*Ry & Sleep* #27).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Meer staanplekke; elektriese fietse te huur; ry self op 'n wildrit; pickleball-baan; pyl-en-boog; kinderspeelplek en tweemantente te huur.

# 22 HARTBEESHOEK







**Kampplek** 31 staanplekke op plaveisel en 11 op veldgras of grond. Wegneem-etes is oor langnaweke en skoolvakansietye beskikbaar. Wifi by die kantoor.
**Ablusiegeriewe** 1 groot badkamergebou plus 'n gesinsbadkamer en 2 private badkamers (staanplek nr. 38 en 39).
**Aankoms- en vertrektyd** 11:00, maar dit is buigsaam afhangend of staanplek beskikbaar is.
**Kontak** 060 464 6021
info.hartbeeshoek@gmail.com
Hartbeeshoek Nature Reserve
**Naaste dorp** Brits 25 km.
**Hoe lyk die pad?** Die 1,8 km grondpad tot by die oord word elke week geskraap.
**GPS** S25.467125 E27.815098

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Junie 2012 (*WegSleep* #45).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is in orde.



# 23 ROTSINBOS







**Kampplek** 12 staanplekke met gedeelde badkamers en elektrisiteit, 20 private staanplekke met badkamers en krag, 18 bosstaanplekke sonder krag waar jy 'n donkie moet stook vir warm water, elk met sy eie badkamer. Wifi by die kantoor.
**Ablusiegeriewe** Gedeelde en private ablusiegeriewe, afhangende waar jy kamp. Sluit opwasplek in en 'n wasgoeddiens beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 11:00.
**Kontak** 083 793 6361 of 082 923 5582
bookings@rotsinbos.co.za
rotsinbos.co.za
**Naaste dorp** Brits 22 km.
**Hoe lyk die pad?** 5 km goeie grondpad wat geskik is vir gewone woonwaens.
**GPS** S25.474477 E27.706320

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Oktober-November 2024 (*Ry & Sleep* #63).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 'n Kragopwekker het bygekom.

# 24 DUBE







**Kampplek** 200 staanplekke, meestal geplavei, met bome, krag en plek-plek gras. Daar's ook 4 eksklusiewe en private staanplekke met hulle eie badkamer en kombuis, en 1 private staanplek sonder 'n kombuis.
**Ablusiegeriewe** 5 badkamergeboue plus private badkamers en opwasplek. Jy betaal by die kantoor om die self-helpwasgoeddiens te gebruik.
**Aankoms- en vertrektyd** Reël wanneer jy bespreek.
**Kontak** info@dubegame.co.za
073 171 8331 of 066 298 5379
dubegame.co.za
**Naaste dorp** Brits 20 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 2 km is 'n skaflike grondpad.
**GPS** S25.474484 E27.810585

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Desember 2014 (*WegSleep* #73).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Het 'n nuwe winkel, restaurant, koffiewinkel en Camp Master-winkel.

NOORDWES









# 25 BOSVELD-OASE BRITS









**Kampplek** 111 staanplekke met 'n dik mat gras of plaveisel. Die vrylaatreël geld vir hengel.
**Ablusiegeriewe** 4 badkamergeboue wat deur die oord versprei staan – dit sluit opwasplek in.
**Aankoms- en vertrektyd** Buite seisoen 08:00 op Vrydae en 16:00 op Sondae; binne seisoen onderskeidelik 13:00 en 10:00. (Die oord is oop oor naweke, langnaweke en skoolvakansies.)
**Kontak** 012 943 6290
bosveldoasebrits.co.za
info@bosveldoasebrits.co.za
**Naaste dorp** Brits 13 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 2,5 km is grondpad.
**GPS** S25.530793 E27.827206

**WAS ONS AL HIER?** Ja, November 2018 (*Ry & Sleep* #16).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is in die haak.




DUBE
PRIVATE GAME RESERVE

**BUITESEISOEN-TARIEWE**

**MIDWEEK, SPESIALE AANBOD:**
**KAMP VANAF SONDAG TOT VRYDAG**
**SLEGS 2 PERSONE R1 200**
(uitgesluit privaat en eksklusiewe staanplek)

**EENHEDE, SPESIALE AANBOD:**
**BLY VANAF SONDAG TOT VRYDAG**
**SLEGS 2 PERSONE R3 450**
(uitgesluit Maroela, Fish Eagle & Eagles Nest)

**Natuurreservaat in malaria-vrye gebied**

Bosveld-atmosfeer – minder as 'n uur van Pretoria en Johannesburg – naby Brits. Selfsorghuise, villas en woonwapark met netjiese ablusieblokke – rolstoelvriendelike badkamer. Staproetes – fietsryroetes – voëlkyk – wildritte – volop wild

• Speelpark • Tafeltennis • "Pool"-tafels • Springmatte • Mini-gholf • Binnenshuise verhitte swembaddens • Jacuzzi's • Koue swembaddens • "Lazy river" • Waterglybane • Wegneemetes • Restaurant





Tel: +27 73 171 8331 /+27 82 375 6179 | E-pos: info@dubegame.co.za • www.dubegame.co.za
Bespreek aanlyn: www.alloutbookings.co.za

# 26 RUST-OORD







**Kampplek** 16 skoongemaakte kolle in die bos en 2 private staanplekke eenkant met hulle eie badkamer- en opwasgeriewe. Wifi is beskikbaar by die kiosk, kroeg en swembad. Die boorgat-water is veilig om te drink.
**Ablusiegeriewe** 1 groot gebou naby die hoofkamp en 1 by die swembad. Albei het opwasplek.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** bookings@rustoord.co.za 082 494 5570 rustoord.co.za
**Naaste dorp** Brits 21 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 4 km is 'n plaasgrondpad.
**GPS** S25.524620 E27.646911

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Maart 2020 (*Ry & Sleep* #32).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 'n Nuwe koue-waterswembad is gebou.

# 27 BERGRIVIER-LODGE







**Kampplek** 11 geplaveide staanplekke en 9 op gras. Hier is 'n warmwater-swembad en 48 m lange glybaan plus twee van 8 m elk.
**Ablusiegeriewe** 3 badkamergeboue wat opwasgeriewe insluit. 'n Wasgoed-diens is beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 083 626 0549 bergrivierlodge@gmail.com BergRivier Lodge & Karavaan Park
**Naaste dorp** Brits 10 km.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot by die oord en grondpad binne.
**GPS** S25.557857 E27.720406

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 5 staanplekke het bygekom vir 'n totaal van 20, en die ekstra badkamergebou is opgegradeer.

# 28 DRIE BERGE







**Kampplek** 47 staanplekke in koelte – die meeste met gras, draagbare braaiers en krag. Wifi by die kantoor.
**Ablusiegeriewe** Hier is 2 badkamergeboue met opwasplek, en jy koop 'n bewys by die kantoor vir die masjiene in die waskamer.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 13:00.
**Kontak** 083 608 3409
driebergekaravaanpark.co.za
drieberge@lantic.net
(Gesluit in Junie en Julie.)
**Naaste dorp** Brits 7 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 2 km tot by die hoofhek is 'n mooi grondpad.
**GPS** S25.577753 E27.757623

**WAS ONS AL HIER?** Ja, April 2018 (*Ry & Sleep* #9).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die swembad het waterglybane gekry.



# 29 PIESANGKLOOF





**Kampplek** 10 staanplekke van verskillende groottes op grond, plus 6 Wendyhuisies vir 3-6 mense. Geen krag nie; jy gebruik 'n donkie vir warm water, en twee plonspoele.
**Ablusiegeriewe** 4 badkamergeboue met 'n opwasplek.
**Aankoms- en vertrektyd** Reël wanneer jy bespreek. (Die eienaars ontmoet jou met jou aankoms.)
**Kontak** piesangkloof4x4trails@gmail.com 084 409 0217 of 084 422 9680 piesangkloof.co.za
**Naaste dorp** Mooinooi 15 km.
**Hoe lyk die pad?** 1,5 km grondpad wat nie geskik is vir lae voertuie nie.
**GPS** S25.746815 E27.691043

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 2 nuwe staproetes en 'n boskampplek.









# 30 KAREESPRUIT






**Kampplek** Boomryke kamp met 10 groot staanplekke wat deels gras is.
**Ablusiegeriewe** Netjies en nuut met 1 badkamergebou wat opwasplek insluit. 'n Wasgoeddiens is beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 018 642 1381 of 082 650 6502
info@kareespruit.co.za
kareespruit.co.za
**Naaste dorp** Zeerust 3 km.
**Hoe lyk die pad?** 2 km grondpad tot by die kamp.
**GPS** S25.537003 E26.057657

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Augustus-September 2023 (*Ry & Sleep* #56).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Niks nuuts nie.



# 31 WATERKLOOF-HENGELOORD KOSTERDAM






**Kampplek** 26 staanplekke by die oewer op veldgras (sonder braaiplek) en 20 weg van die water met enkele koeltebome op gras én 'n eie braaiplek elk. Krag by al die staanplekke. Die vang-en-vrylaatreël geld vir hengel.
**Ablusiegeriewe** 1 badkamergebou met aparte geriewe vir mans en vroue plus opwasplek; 2 toilette by die oewerstaanplekke.
**Aankoms- en vertrektyd** 06:00-18:00.
**Kontak** 072 137 5267
kosterdam.co.za
debbie.waterkloof@gmail.com
**Naaste dorp** Koster 23 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 7 km is 'n ordentlike grondpad.
**GPS** S25.700546 E26.895405

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is in die haak.

# 32 KONKA







# 33 KRUGER RANCH







**Kampplek** 36 staanplekke op 'n gelyk stuk grond met veldgras – 4 is geplavei.
**Ablusiegeriewe** Aparte mans- en vrouegeriewe wat 'n opwasgedeelte insluit, plus 2 gesinsbadkamers. 'n Wasgoeddiens is beskikbaar vir lankstaners.
**Aankoms- en vertrektyd** 10:00 en 14:00.
**Kontak** 082 444 4909 of 078 531 2707
info@kruger-ranch.co.za
kruger-ranch.co.za
**Naaste dorp** Magaliesburg 31 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 11 km van die R24 af is grondpad en heel gangbaar met 'n gewone padwa.
**GPS** S25.950001 E27.354520

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is klopdisselboom.





**Kampplek** 83 staanplekke met private ablusiegeriewe: 37 deels op gras en plaveisel, en die res op gras.
**Ablusiegeriewe** Jou eie – 30 eenhede het 'n stort, toilet en wasbak (die res 'n bad). Net 16 het nie opwasplek nie, maar 'n toegewysde deel daarvoor.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 076 141 8960 of 067 414 0754 konka.co.za reservations@konka.co.za
**Naaste dorp** Rustenburg 25 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 1,2 km is 'n goeie grondpad.
**GPS** S25.869820 E27.308692

**WAS ONS AL HIER?** Ja, September 2017 (*Ry & Sleep* #2).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Waterwurmglybane en 'n warm swembad het bygekom. (Die nuwe staanplekke was in 2024 gereed.)





# 34 PIGMY-LODGE







**Kampplek** Die staanplekke is in 'n tuin met koelte en gras. Hier's plek vir 4-5 woonwaens.
**Ablusiegeriewe** Langs die staanplekke, met aparte geriewe vir mans en vroue. Opwasplek is ingesluit en 'n wasgoeddiens beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** Geen vasgestelde tye nie.
**Kontak** 083 734 4615 albie@pigmylodge.co.za pigmylodge.co.za
**Naaste dorp** Delareyville 3 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 800 m is grondpad wat goed in stand gehou word.
**GPS** S26.701006 E25.444143

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Maart 2012 (*WegSleep* #42).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles in orde.

# 35 KLIPSPRUIT








**Kampplek** 87 staanplekke op gras wat in 2 kampe verdeel is. Albei lê teenaan die rivier. Wegneemetes is beskikbaar.
**Ablusiegeriewe** 4 badkamergeboue, en in die 6 staanplekke van Fisherman's Paradise kan jy teen 'n ekstra tarief jou eie badkamer en kombuis bespreek. Die boskamp het 10 staanplekke, gemeenskaplike badkamers en opwasplek.
**Aankoms- en vertrektyd** 10:00-14:00.
**Kontak** klipspruitriverresort.co.za bookings@klipspruitriverresort.co.za 064 903 9629 of 066 207 1907
**Naaste dorp** Leeudoringstad 24 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 700 m is 'n skaflike grondpad.
**GPS** S27.385807 E26.364694

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die 6 staanplekke met private badkamers en kombuis.

# 36 CLUB AMIGOS









**Kampplek** 100 staanplekke met krag en 36 daarsonder – almal op gras. Altesame 16 geplaveide staanplekke vir langstaankampeerders. Hier is koue- en warmwaterswembaddens plus 'n Camp Master-winkel.
**Ablusiegeriewe** 2 badkamergeboue in die A-blok wat 2 gesinsbadkamers insluit, en 1 gebou elk in die B- en C-blok.
**Aankoms- en vertrektyd** 12:00 en 10:00.
**Kontak** info@clubamigos.co.za clubamigos.co.za 018 264 2433 084 264 2426
**Naaste dorp** Ventersdorp 13 km.
**Hoe lyk die pad?** 700 m goeie grondpad.
**GPS** S26.402347 E26.799972

**WAS ONS AL HIER?** Ja, April 2013 (*WegSleep* #54).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die hek sluit om 23:00.

# 37 TANGLEWOOD







**Kampplek** 20 staanplekke tussen bome op gras; 6 van hulle is langs die water.
**Ablusiegeriewe** 2 badkamergeboue naby die staanplekke. Die een het storte en baddens en die ander toilette. Hier is ook opwasplek en 'n wasgoedlyn.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00-19:00 in die week en tot 21:00 oor naweke. Vertrektyd is 10:00.
**Kontak** 076 402 0060 bookings@tanglewoodnatureestate.com tanglewoodnatureestate.com
**Naaste dorp** Potchefstroom 15 km.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot by die hek.
**GPS** S26.564502 E27.127550

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Nuwe ligte in die kampplek plus onderhoudswerk op die paaie en heiningdrade.

NOORDWES

# 38 UMFULA








**Kampplek** 65 staanplekke op gras met krag en skaduwee. Jy deel 'n kraan en vullisdrom met jou bure. Wifi by die restaurant.
**Ablusiegeriewe** 2 ablusieblokke met aparte geriewe vir mans en vroue, en sluit opwasplek in.
**Aankoms- en vertrektyd** 10:00.
**Kontak** 082 312 4123 umfula.net info@umfula.net
**Naaste dorp** Parys 6 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 750 m tot by die hek is geplavei.
**GPS** S26.866222 E27.477868

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Mei 2018 (*Ry & Sleep* #10).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 'n 4x4-roete en 'n klein diereplaas vir kinders.



Ruah Park







# Gauteng



Bass Lake



Tussin-I-Bome


Somabula


Erasmus




Klipspringerkloof


Nyani


Zelpy

# 39 NONYANA-RIVIERLODGE







**Kampplek** 23 staanplekke in gelid op die oewer van die Vaalrivier. Jy staan op gras en het 'n kragpunt, kraan en braaiplek. Hier is ook 'n verhitte onderdakswembad en wifi is beskikbaar naby die kantoor. Hier is wegneemetes.
**Aablusiegeriewe** Aparte geboue vir mans en vroue en gemeenskaplike opwasplek.
**Aankoms- en vertrektyd** Tussen 08:00 en 17:00.
**Kontak** info@nonyana.co.za
016 987 7105 of 076 507 7638
nonyana.co.za
**Naaste dorp** Vanderbijlpark 33 km.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot by die hek en plaveisel die laaste stuk.
**GPS** S26.731956 E27.616321

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Ligte naby die oewer.

# 40 SOETDORING









**Kampplek** 60 geplaveide staanplekke – sommige met koelte. Wegneemetes beskikbaar oor langnaweke en vakansies.
**Ablusiegeriewe** 1 gemeenskaplike badkamer, 1 gesinsbadkamer en 3 enkelbadkamers. Hier is opwasplek en die selfhelpwasgoedkamer se masjiene gebruik ruilmunte.
**Aankoms- en vertrektyd** 08:00 en 16:00.
**Kontak** 079 892 8668
info@soetdoringvakansieplaas.co.za
soetdoringvakansieplaas.co.za
**Naaste dorp** Aan die buitewyke van Vereeniging.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot by die hek en 1,3 km plaveisel tot by die kantoor.
**GPS** S26.590731 E27.887108

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Junie 2012 (*WegSleep* #45).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die eienaars wil voorafbetaalde kragmeters vir lankstaners installeer.

# 41 ZELPY











**Kampplek** 62 kampplekke by die hoofkamp met krag (en die meeste geplavei); 13 in die reservaat sonder krag.
**Ablusiegeriewe** 2 ablusiegeboue in die hoofkamp en 1 elk by die spesiedamkampplek en 4x4-kamp met gasgeiser en sonkraglig.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 082 885 1994
bookings@fishinggameresort.co.za
fishinggameresort.co.za
**Naaste dorp** Magaliesburg 10 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste kilometer tot by die hek is 'n goeie grondpad.
**GPS** S25.955010 E27.512987

**WAS ONS AL HIER?** Ja, April-Mei 2025 (*Ry & Sleep* #66).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles op datum.

# 42 COUNTRY PARK









**Kampplek** Staanplekke is nie afgebaken nie en hier is plek vir tot 30 woonwaens of tente – almal op gras. Party het koelte en hier is ook 'n lapa. Wifi is beskikbaar nader aan die gastehuis.
**Ablusiegeriewe** 1 badkamergebou wat 'n opwasplek, 'n wasbak vir klerewas en 'n gesinsbadkamer insluit, plus 'n dreineerpunt vir kassettoilette.
**Aankoms- en vertrektyd** Geen vasgestelde tye nie.
**Kontak** 079 159 0594 of 083 256 7000
info@countrypark.co.za
countrypark.co.za
**Naaste dorp** Op Muldersdrift.
**Hoe lyk die pad?** Deels teerpad wat meestal aanvaarbaar is.
**GPS** S26.057891 E27.881296

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is op datum.

# 43 SMUTS-WOONWAPARK







**Kampplek** 32 staanplekke met plaveisel of op gras. Die meeste het koelte en die braaiplek is deel van 'n gemeenskaplike piekniekplek.
**Ablusiegeriewe** 1 badkamergebou met aparte geriewe vir mans en vroue, plus 'n opwasplek en dreineerplek vir kassettoilette. (Die badkamers is 2 jaar gelede vernuwe.)
**Aankoms- en vertrektyd** 13:00 en 11:00.
**Kontak** david@smutshouse.com 082 383 6024 smutshouse.co.za
**Naaste dorp** Irene 3 km.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot hier.
**GPS** S25.888528 E28.232762

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Januarie-Februarie 2013 (*WegSleep* #52).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die kampdeel is vergroot sodat daar 5-6 m tussen staanplekke is. 'n Aparte deel vir tentgroepe word ontwikkel.

GAUTENG

# 44 WONDERLAND 45







**Kampplek** 25 staanplekke op gras langs verskeie damme. Hier is nie veel koelte nie. Staanplek nr. 1-11 en nr. 20 is groot genoeg vir woonwaens en ryhuise.
**Ablusiegeriewe** 1 badkamergebou naby die ingang van die oord wat opwasplek insluit.
**Aankoms- en vertrektyd** 06:00 en 10:00. (Kampplek is oop van Oktober tot April.)
**Kontak** 081 878 5891
wonderland45.co.za
admin@wonderland45.co.za
**Naaste dorp** Pretoria 20 km (van die kruising van Lynwood- en Solomon Mahlangu-weg af).
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 1,5 km is 'n skaflike grondpad.
**GPS** S25.875171 E28.492105

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 'n Nuutgeboude swembad en 20 m-glybaan by die speeldam.

## 45 SOMABULA







**Kampplek** 7 staanplekke genoem na voëlsoorte. 4 groot en private staanplekke met eie badkamer en opwasplek. Kamp op veldgras. Hier is 'n miniboma en 3 plekke deel badkamers en opwasplek.
**Ablusiegeriewe** Netjiese private badkamers vir 4 van die staanplekke en basiese en gedeelde geriewe met opwasplek vir kampeerders op die res.
**Aankoms- en vertrektyd** 13:00 en 10:00, tensy jy ander reëlings tref.
**Kontak** info@somabula.co.za 082 550 1892 somabula.co.za
**Naaste dorp** Rayton 4 km en Cullinan 6 km.
**Hoe lyk die pad?** Teerpad tot by die Somabula-afdraai, 'n geplaveide tweespoorpad tot by die reservaat en netjiese sandpaadjies in die kampplek.
**GPS** S25.710393 E28.520377

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Junie 2016 (*WegSleep* #89).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles agtermekaar.



## 46 ERASMUS









**Kampplek** 7 omheinde staanplekke binne Dinokeng.
**Ablusiegeriewe** Elke staanplek het sy eie badkamer en opwasplek. Staanplek nr. 1 het sy eie gebou, maar die res se geriewe is in twee geboue (dus 3 badkamervertrekke per gebou).
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00, maar dis buigsaam.
**Kontak** 082 571 4697
erasmusbushcamp.co.za
info@erasmusbushcamp.co.za
**Naaste dorp** Hammanskraal 11 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 2,7 km is goeie grondpad.
**GPS** S25.392910 E28.339055

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles in orde.

# 47 KYLEU







**Kampplek** 2 kampgedeeltes: 10 staanplekke elk met sy eie badkamer in die kant wat nie omhein is nie, plus 6 waar jy heeltemal selfonderhoudend kamp. Binne die heining is 7 staanplekke, ook met eie badkamers met gasgeisers.
**Ablusiegeriewe** Privaat met 'n stort, toilet en warm water. Bring jou eie stort as jy by die rivierkamp staan.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 060 458 4478
info@kyleu.co.za kyleu.co.za
**Naaste dorp** Hammanskraal 13 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 2 km tot by die kamp is 'n goeie grondpad.
**GPS** S25.372044 E28.356121

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Desember 2020-Januarie 2021 (*Ry & Sleep* #40).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Meer staanplekke het bygekom én hier's nou 'n onderdakboma.

GAUTENG

# 48 JABULA







**Kampplek** 5 groot staanplekke met plek vir meer as 1 woonwa, elk met 'n boom of twee en meestal op grond – geen krag nie. Elkeen het 'n plonspoel met 'n donkie vir warm water.
**Ablusiegeriewe** Elke staanplek het sy eie private badkamer en 'n buitestort met sonkragligte, 'n gasgeiser en kombuis (waar jy jou foon kan laai).
**Aankoms- en vertrektyd** 10:00 en 12:00 – buigsaam as dit nie besig is nie.
**Kontak** 078 948 6781
info@jabulabushcamp.co.za
jabulabushcamp.co.za
**Naaste dorp** Hammanskraal 11 km.
**Hoe lyk die pad?** Teerpad, met die laaste 400 m goeie grondpad.
**GPS** S25.358943 E28.353857

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Junie-Julie 2022 (*Ry & Sleep* #49).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Elke staanplek het nou sy eie swemplek.

## 49 HAYWARD'S









**Kampplek** 20 staanplekke met gras en gedeeltelike skaduwee. Wifi by die ontspanningsgebied. Daar's 'n springkasteel en trampolien vir die kinders.
**Ablusiegeriewe** Private badkamers met 'n stort, wasbak, toilet en opwasplek. Ook 'n afdak met 'n sessitplektafel-en-bankiestel. 'n Wasgoeddiens is beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** Geen spesifieke tye nie – reël met die oordmense wanneer jy wil in- en uitboek. (Vertrektyd oor naweke is 18:00.)
**Kontak** 081 780 1833
info@haywardsgroup.co.za
haywardsgroup.co.za
**Naaste dorp** Hammanskraal 13 km.
**Hoe lyk die pad?** Heelpad teerpad.
**GPS** S25.344166 E28.381111

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Februarie-Maart 2023 (*Ry & Sleep* #53).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die jukskeibaan.

## 50 WILLEM'S RUS








**Kampplek** 27 staanplekke van 100 m² elk op lieflike gras en genoeg koeltebome. Die braaier se vlekvryestaalrooster word elke dag skoongemaak. Geen musiek, troeteldiere, kragopwekkers of TV's word toegelaat nie.
**Ablusiegeriewe** 1 groot en 1 klein badkamergebou plus 'n toegewysde badkamer vir staanplek nr. 1-3. Albei het opwasplek.
**Aankoms- en vertrektyd** 10:00 en 12:00.
**Kontak** willemsrus.co.za
willemsrus28@gmail.com
081 702 2989
**Naaste dorp** Hammanskraal 17 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 3 km is grondpad wat onderhou word.
**GPS** S25.368648 E28.386516

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Julie 2015 (*WegSleep* #79).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 'n Volledig toegeruste gastehuis vir 6 mense.

# 51 KLIPSPRINGERKLOOF







**Kampplek** 12 staanplekke met eie badkamers, opwasplek en 'n braaiboma op die grens van Dinokeng. Altesame 4 van die staanplekke het nou 'n plonspoel waarvan die water kan verhit.
**Ablusiegeriewe** Jou eie, en 'n wasgoeddiens is beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 11:00 (buigsaam in stiller tye).
**Kontak** 082 578 1429
melanie.melanier@gmail.com
Klipspringerkloof Bush Camp
**Naaste dorp** Hammanskraal 26 km.
**Hoe lyk die pad?** 7 km grondpad wat goed onderhou word.
**GPS** S25.349117 E28.460649

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die piekniektafels het nou 'n dak oor en twee staanplekke het bygekom.

# 52 NYANI







**Kampplek** 6 luukse staanplekke op grond en met baie skaduwee.
**Ablusiegeriewe** Jou eie badkamer en kombuis met 'n ingeboude braai. 'n Wasgoeddiens is beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** 12:00 en 10:00.
**Kontak** 071 842 3448
info@nyanilodge.co.za
nyanilodge.co.za
**Naaste dorp** Hammanskraal 30 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 11 km tot by die hek is grondpad.
**GPS** S25.434555 E28.47893

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Oktober-November 2023 (*Ry & Sleep* #57).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die kinderspeelplek was die laaste toevoeging.

## 53 RORATAU







**Kampplek** 5 redelik private staanplekke tussen natuurlike plantegroei met volop koelte, plus 'n staanplek met 'n private badkamer en opwasplek. Daar's ook 'n groepstaanplek (vir tot 5 waens) – ook met eie geriewe (swembad, boma, badkamer en opwasplek).
**Ablusiegeriewe** Gemeenskaplike badkamers: aparte stort en toilet, plus 2 gesinsbadkamers elk met 'n stort, wasbak en toilet.
**Aankoms- en vertrektyd** 10:00 en geen vasgestelde tye nie.
**Kontak** 084 603 9289 of 083 267 2145
roratau bushcamp.co.za
info@roratau bushcamp.co.za
**Naaste dorp** Cullinan 35 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 5 km is mooi grondpad.
**GPS** S25.479950 E28.465505

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is klopdisselboom.

GAUTENG

## 54 TUSSEN-I-BOME







**Kampplek** 12 staanplekke met krag – 6 mense per staanplek. Heelwat koeltebome met gras of bosveld. Private staanplek met plek vir 2-3 waens met eie badkamer, lapa en opwasplek.
**Ablusiegeriewe** 1 badkamergebou wat 'n opwasplek insluit.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00, tensy anders gereël.
**Kontak** 082 511 1169
info@tussenibome.co.za
tussenibome.co.za
**Naaste dorp** Pretoria 29 km.
**Hoe lyk die pad?** 2 km grondpad.
**GPS** S25.513766 E28.463056

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die private staanplek was die laaste toevoeging.

# 55 BASS LAKE







**Kampplek** 34 staanplekke – meestal op gras – plus 1 boskamp vir tot 12 mense. Die restaurant is by die lodge.
**Ablusiegeriewe** 2 gemeenskaplike geboue wat opwasplek insluit.
**Aankoms- en vertrektyd** 10:00 (Vrydae) en 15:00 (Sondae). Tye meer buigsaam in die week – reël vooraf met die oord. Tye verskil in spitstye.
**Kontak** 012 735 1650
basslakelodge.co.za
camping@basslakelodge.co.za
**Naaste dorp** Cullinan 27 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 2,7 km is grondpad.
**GPS** S25.514671 E28.492389

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Julie 2011 (*WegSleep* #35).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles in die haak.

GAUTENG

# 56 RUAH PARK





**Kampplek** 38 staanplekke met gras en 5 elk met 'n houtbrandbad. Ook 'n boskamp (4-5 waens) met 'n eie badkamer en opwasplek. Daar is krag, 'n boma en ook 'n houtbrandbad.
**Ablusiegeriewe** Elke staanplek het sy eie badkamer met opwasplek. Hier is 'n selfhelp-waskamer en 'n wasgoeddiens.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** info@ruahpark.co.za
012 051 3489 of 087 164 0639
ruahpark.co.za
**Naaste dorp** Cullinan 26 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 1 km is grondpad.
**GPS** S25.526767 E28.497267

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Maart 2020 (*Ry & Sleep* #32).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die boskamp het bygekom en gaste kan 'n houtbrandbad huur.




## 57 DIKGOMO COTTAGES







**Kampplek** 3 afsonderlike staanplekke 300 m uitmekaar wat met 'n 1,2 m hoë heining toegespan is. Die heining is om troeteldiere – groot en klein - binne te hou.
**Ablusiegeriewe** Jou eie, wat 'n kombuis insluit. Hier is 'n wasgoeddiens.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 083 417 8937
dikgomocottages@gmail.com
Dikgomo Cottages
**Naaste dorp** Cullinan 30 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 3 km is grondpad, maar jy kan dit met 'n gewone voertuig en padwoona ry.
**GPS** S25.515373 E28.591110

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 'n Derde staanplek is ingerig.


MOENIE UITSTEL NIE
BESPREEK NOU BETAAL LATER!
Forever se #PayYourWay maak dit gerieflik om nou te bespreek en later te betaal.
FOREVER
RESORTS • LODGES • HOTELS • RETREATS
TEL: +27 (0)12 423 5600
E-POS: info@foreversa.co.za
WEB: www.foreversa.co.za

**WAARVOOR WAG JY? BEPLAN VANDAG NOG JOU VOLGENDE GESINSVAKANSIE MET ONS GERIEFLIKE #PAYYOURWAY-OPSIE: BESPREEK NOU, BETAAL LATER.**

Met #PayYourWay kan jy jou verblyf by enige Forever-oord in Suid-Afrika bevestig en die koste oor maandelikse paaiemente versprei. Só maak ons seker jou welverdiende vakansie is altyd binne bereik, ongeag wat die begroting sê.













**Bespreek jou Forever-verblyf vandag nog, en geniet die vryheid en buigsaamheid wat #PayYourWay jou bied!**

**#PAYYOURWAY**







**PAY your WAY**

Bepalings en voorwaardes geld.



Forever Blydecanyon







# Mpumalanga



Oppi Rooiplaas



Onder-Sabie



Forever Loskopdam




Forever Badplaas

MPUMALANGA



Hippo Waterfront



Rocky Drift



Malelane-gholfklub



Kromklip

# 58 FOREVER SWADINI







**Kampplek** 220 genommerde staanplekke met krag, 'n vullisdrom en braaier – 125 van hulle het 'n plaveiblad en die meeste koelte. Daar's 4 staanplekke vir parapleë. Wifi slegs beskikbaar by die kantoor en restaurant.
**Ablusiegeriewe** 6 groot ablusieblokke; 2 is ingerig vir rolstoelgebruikers.
**Aankoms- en vertrektyd** 15:00 en 11:00.
**Kontak** 015 795 5141, 063 256 3750 of 072 481 3614 foreverswadini.co.za swadinires@foreversa.co.za
**Naaste dorp** Hoedspruit 35 km.
**Hoe lyk die pad?** Heelpad teerpad.
**GPS** S24.516299 E30.810045

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Oktober 2016 (*WegSleep* #93).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Verhitte swembad nou warm gehou met die hulp van sonpanele vir ekovriendelike gerief én heeljaar se warm water.

**GERIEWE & AKTIWITEITE**
- À la carte-restaurant
- Bootritte op die Blydedam
- Verhitte kleuterswembad
- Verhitte swembad
- Staproetes
- Klouterrame
- Drankwinkel
- Minigholf
- Supermark
- Swembad
- Tennisbane
- Trampoliens



MPUMALANGA

# 59 FOREVER BLYDECANYON







**Kampplek** 22 woonwastaanplekke met gras of plaveisel en baie koelte; 8 met luukse tente. Wifi is beskikbaar by die restaurant en kantoor. Hoogstens 8 mense per staanplek.
**Ablusiegeriewe** 2 uitstekende badkamergeboue.
**Aankoms- en vertrektyd** 12:00 en 11:00.
**Kontak** 086 122 6966
blyde@foreversa.co.za
foreverblydecanyon.co.za
**Naaste dorp** Graskop 50 km.
**Hoe lyk die pad?** Teer regdeur.
**GPS** S24.582284 E30.770362

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Januarie-Februarie 2015 (*WegSleep* #74).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles op datum.

**GERIEWE & AKTIWITEITE**
- Koue swembad
- Winkel
- Staproetes
- Perderitte
- Kroeg en restaurant
- Drankwinkel
- Vulstasie
- Minighof
- Tennisbane (met ligte)
- Trampoliens
- Vlugbal

MPUMALANGA



## 60 MAROELA







**Kampplek** 24 staanplekke met krag en heelwat koelte. Jy mag by Orpen gaan swem waar daar ook wifi in die kantoor is.
**Ablusiegeriewe** Baie skoon en nader aan die staanplekke by die hek. Daar's 'n kombuis met 'n mikrogolfoond.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00 (meld aan by Orpen).
**Kontak** reservations@sanparks.org
013 735 6355 of 082 802 0686 (Orpen)
sanparks.org
**Naaste dorp** Acornhoek 51 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 2,2 km is 'n netjiese grondpad.
**GPS** S24.456351 E31.399463

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Julie 2011 (*WegSleep* #35).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Niks nuuts nie.

## 61 KROMKLIP







**Kampplek** 40 algemene staanplekke en 5 staanplekke langs die water. Jy kamp op gras, en op sommige staanplekke is koelte. Jy het 'n keuse tussen geboude en losstaande braaiers, albei met roosters.
**Ablusiegeriewe** Gemeenskaplike geriewe én 2 gesinsbadkamers is beskikbaar. Hier is 'n waskamer en selfs 'n wasgoeddiens beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** 11:00 en 10:00.
**Kontak** kromklip.oord@gmail.com
079 264 4075 of 013 004 0048
kromklipoord.co.za
**Naaste dorp** Mashishing (Lydenburg) 12 km.
**Hoe lyk die pad?** 1,1 km mooi grondpad.
**GPS** S25.070689 E30.373184

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die minigholfbaan.

# 62 KRUGER'S CAMPING









**Kampplek** 6 nie-afgebakende staanplekke op gras met koelte.
**Ablusiegeriewe** 3 badkamers elk met 'n stort, wasbak, toilet, spieël en 'n klein tafel. Die groter kombuis het 'n tweeplaatstoof, mikrogolfoond, elektriese ketel, broodrooster, groot yskas, wasbakke en 'n wasmasjien; die kleiner een het opwasplek en 'n ketel.
**Aankoms- en vertrektyd** Nie vasgestel nie.
**Kontak** 083 469 5588 of 082 882 5059
rooifaan@gmail.com
krugerscamping.com
**Naaste dorp** Mashishing (Lydenburg) en Ohrigstad, albei 25 km.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot by die afdraai en 200 m grondpad tot by die kamp.
**GPS** S24.920824 E30.534775

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Niks nuuts nie.

# 63 MAC MAC FOREST RETREAT







**Kampplek** 25 staanplekke in 2 groepe – almal op gras met genoeg koelte. Jy het 'n braaiplek op jou staanplek mét 'n rooster.
**Ablusiegeriewe** 2 afsonderlike badkamers met opwasgeriewe. Die kombuis is tussen die twee groepe staanplekke en 'n wasgoeddiens is beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** Geen vasgestelde tye nie, maar laat weet as jy gaan laat wees.
**Kontak** 081 749 3228
info@macmacforestretreat.co.za
macmacforestretreat.co.za
**Naaste dorp** Sabie en Graskop 14 km.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot by die oprit.
**GPS** S24.991944 E30.812259

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die restaurant sou teen die einde van 2025 oop en aan die gang gewees het.

## 64 KIAAT-BUNGALOWS





**Kampplek** 9 netjiese staanplekke op gras met bome vir koelte.
**Ablusiegeriewe** Superskoon en naby jou staanplek. Dit sluit opwasplek in en 'n wasgoeddiens is beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** 08:00 en 17:00.
**Kontak** 083 605 8845
info@kiaatbungalows.co.za
kiaatcaravanpark.co.za
**Naaste dorp** Hazyview 4 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 300 m is 'n netjiese grondpad.
**GPS** S25.027351 E31.151105

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Mei 2016 (*WegSleep* #88).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Besig met die bou van 'n tentkamp met 2 safari-tente wat 'n badkamergebou en opwasplek insluit.

## 65 ONDER-SABIE







**Kampplek** 'n Boomryke kampterrein met 34 klein staanplekke naby aan mekaar. Die selfoonontvangs is nie die beste nie.
**Ablusiegeriewe** 1 badkamergebou met aparte mans- en vrouegeriewe en 'n aparte badkamer vir rolstoel-gebruikers.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 013 735 6056/7 (Onder-Sabie-kantoor)
reservations@sanparks.org
sanparks.org
**Naaste dorp** Komatipoort 46 km.
**Hoe lyk die pad?** Heelpad teerpad.
**GPS** S25.119986 E31.914370

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Junie-Julie 2025 (*Ry & Sleep* #67).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Niks nuuts nie.

# 66 MARLOTHI-SAFARIPARK







**Kampplek** 6 staanplekke op grond met genoeg koelte en bosse rondom die kamp.
**Ablusiegeriewe** Jou eie netjiese badkamer en kombuis langs jou staanplek.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 082 401 5999
marlothisafaripark.co.za
marlothisafaripark@gmail.com
**Naaste dorp** Op Marlothpark.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 200 m is 'n skaflike grondpad.
**GPS** S25.348532 E31.786720

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Oktober-November 2022 (*Ry & Sleep* #51).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die opgradering van die storte was die laaste.



# 67 JACKALBERRY RIDGE







**Kampplek** 2 ruim private staanplekke in die bos, elk met 'n plonspoel, badkamer en opwasplek plus 'n innoverende braaiplek.
**Ablusiegeriewe** Jou eie – en van die beste in die land.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00 (buigsaam in stil tye).
**Kontak** 072 057 3447
dreamresorts.co.za
jackalberry@dreamresorts.co.za
**Naaste dorp** Op Marlothpark.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot hier en grondpad in die oord.
**GPS** S25.348096 E31.783740

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Oktober-November 2022 (*Ry & Sleep* #51).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Hulle het nou water as rugsteun.

## 68 MALELANE-GHOLFKLUB







**Kampplek** 18 staanplekke op 'n skuinste met gras en heelwat koelte.
**Ablusiegeriewe** Deel van die gholfklub se geriewe. Oud, skoon en netjies en 'n paar trappies se klim van die kampplek af. Hier is opwasplek.
**Aankoms- en vertrektyd** Tussen 07:00 en 17:00, en 10:00, maar buigsaam.
**Kontak** 013 790 0283 of 060 485 7945
admin@malgc.co.za
The Malelane Golf Club
**Naaste dorp** Malalane 7 km.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot hier.
**GPS** S25.46415 E31.538823

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Desember 2022-Januarie 2023 (*Ry & Sleep* #52).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is goed vir nou.

## 69 HIPPO WATERFRONT











**Kampplek** 6 onafgebakende gelyk staanplekke met baie koelte. Ontbyt, middagete en aandete kan vooraf bestel word.
**Ablusiegeriewe** 6 badkamers – netjies en jou eie, en 'n gemeenskaplike opwasplek. 'n Wasgoeddiens is beskikbaar by navraag.
**Aankoms- en vertrektyd** Geen vasgestelde tye nie.
**Kontak** info@hippowaterfront.com
076 684 0045 hippowaterfront.com
**Naaste dorp** Mbombela 14 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 3,5 km is 'n goeie grondpad.
**GPS** S25.435911 E30.868657

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Mei 2016 (*WegSleep* #88).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is op datum.

# 70 FOREVER LOSKOPDAM









**Kampplek** 210 staanplekke met baie skaduwee; sommiges op plaveisel, party met gras en ander op grond. Hoogstens 8 mense per staanplek; wifi in die openbare dele.
**Ablusiegeriewe** 7 badkamergeboue versprei in die kampgedeelte – 4 met opwasplek.
**Aankoms- en vertrektyd** 09:00 en 11:00, maar jy mag op die perseel aanbly tot 17:00.
**Kontak** 013 262 3075 of 087 106 6763
loskopres@foreversa.co.za
foreverloskopdam.co.za
**Naaste dorp** Groblersdal 38 km.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot hier.
**GPS** S25.423431 E29.386614

**WAS ONS AL HIER?** Ja, April-Mei 2021 (*Ry & Sleep* #42).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 'n Rolstoelvriendelike badkamer by die D-badkamers en besig met 'n staanplek vir parapleë.

**GERIEWE & AKTIWITEITE**

- Kitsbank, bootritte
- Voëlsoek
- Vakansievermaakprogram
- Koue en warm swembad
- Winkel
- Vulstasie
- Hengel
- Staproete
- Kinderspeelplek
- Drankwinkel, dameskroeg
- *Pool*-tafel, minigholf
- Konferensie- en onthaalgeriewe



# 71 PIENAARDAM






**Kampplek** 80 staanplekke waarvan net meer as 50 by die oewer is. Wifi by die restaurant.
**Ablusiegeriewe** 13 badkamers wat oor die oord versprei lê. Daar's 'n opwasplek by elkeen.
**Aankoms- en vertrektyd** Geen vasgestelde tye nie.
**Kontak** ✆ 013 282 7816 of 082 563 5631
🌐 pienaardam.co.za
✉ event1@pienaardamresort.co.za
**Naaste dorp** Middelburg 6 km.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot by die oord.
**GPS** S25.835712 E29.483410

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Instandhouding van die staanplekke vir beter hengel van die oewer af.

MPUMALANGA

# 72 ROCKY DRIFT





**Kampplek** 13 staanplekke op gras, elk met 'n geboude braaiplek plus water en krag (blou prop). Jy het koelte afhangend van die tyd van die dag. Hier is selfoonontvangs en wifi naby die restaurant en swembad.
**Ablusiegeriewe** 6 geboue elk met 'n stort, wasbak en toilet (1 met 'n stort en bad), en opwasplek vir almal.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** ✉ bookings@rockydrift.co.za
✆ 072 245 4961 🌐 rockydrift.co.za
**Naaste dorp** Emgwenya (Waterval-Boven) 11 km.
**Hoe lyk die pad?** 1,4 km grondpad wat klipperig kan wees, maar dis heel rybaar met 'n gewone padwoonwa.
**GPS** S25.654992 E30.374876

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Besig om een van die staanplekke te vergroot, en die speletjiesdeel kry 'n boma.

# 73 FOREVER BADPLAAS





**Kampplek** 300 genommerde staanplekke met krag. Die meeste het koelte, maar min tot geen gras. Lankstaan word toegelaat, maar nie in die spitsseisoen nie, en die vang-en-vrylaatreël geld vir hengel. Hoogstens 8 mense per staanplek.
**Ablusiegeriewe** 6 groot en moderne ablusieblokke.
**Aankoms- en vertrektyd** Enige tyd en 11:00.
**Kontak** 017 844 8000
foreverbadplaas.co.za
badplaas@foreversa.co.za
**Naaste dorp** Carolina 50 km.
**Hoe lyk die pad?** Heelpad teerpad.
**GPS** S25.956596 E30.562910

**WAS ONS AL HIER?** Ja, September 2016 (*WegSleep* #92).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** As alles volgens plan verloop, behoort die opgradering van die Jive- en Bikini-kroeg in 2026 klaar te wees. Vernuwings aan die braaiplekke word beplan.

**GERIEWE & AKTIWITEITE**
- Koue en warm swembaddens
- Binnenshuise minerale baddens
- Staproete en wildritte
- Begeleide perdritte
- Kinderswembad en glybaan
- Waskamer en drankwinkel
- Bergfietsroete
- Waterwurm en minigholf
- Quadfietstoere en boomstaptoere
- Tennisbane








# 74 OPPI ROOIPLAAS







**Kampplek** 'n Oop terrein met geen afgebakende staanplekke nie, en plek vir 4 waens. Gras maar geen koelte nie, en jy swem in die rivier.
**Ablusiegeriewe** 1 badkamergebou met 2 badkamers wat opwasplek insluit.
**Aankoms- en vertrektyd** Geen vasgestelde tye nie.
**Kontak** 082 227 4195
ansie.podges@gmail.com
Oppi Rooiplaas
**Naaste dorp** Volksrust 38 km.
**Hoe lyk die pad?** 40 km grondpad – meestal in 'n goeie toestand.
**GPS** S27.371698 E29.509047

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Junie-Julie 2023 (*Ry & Sleep* #55).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is in die haak.

# 75 SUNDOWNER-LODGE







**Kampplek** 6 staanplekke op gras, elk met 'n geboude braaiplek en kragpunt – koeltebome op 2 van die plekke.
**Ablusiegeriewe** Naby die staanplekke met aparte geriewe vir mans en vroue plus opwasplek.
**Aankoms- en vertrektyd** Buigsaam vir aankoms, maar jy moet teen 10:00 in die pad val.
**Kontak** sundownerpietretief.co.za
reservation@sundownerpietretief.co.za 071 612 5094
**Naaste dorp** Aan die buitewyke van eMkhondo (Piet Retief).
**Hoe lyk die pad?** Teer tot hier.
**GPS** S26.989767 E30.797557

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die ingang is nie meer in die hoofstraat (R33) nie, maar 100 m om die hoek, regoor die winkelsentrum. Opknapwerk vir die opwasplek is in die pyplyn.

# 76 CAMP JORDAN





**Kampplek** 'n Eksklusiewe en nuwe kampplek vir tot 40 mense. Dis op 'n plaas en grens aan eSwatini waar jy ook in die berge kan stap. Slegs 1 bespreking per slag word aanvaar en 'n billike minimumtarief geld. Die staanplek is gelyk op 'n grasterras.
**Ablusiegeriewe** Aparte badkamers met storte vir mans en vroue. Gasgeisers sorg vir warm water. Hier is 'n ruim oop kombuis met opwasplek, braaiplek, 'n vries- en yskas plus tafels en stoele.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 082 767 5014
christell.freise@gmail.com
**Naaste dorp** eMkhondo (Piet Retief) 23 km.
**Hoe lyk die pad?** 2 km plaaspad.
**GPS** S27.062868 E30.988444

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Niks nuuts nie.










## FOREVER IS DIE OORSPRONG VAN ONVERGEETLIKE FAMILIE OOMBLIKKE EN HERINNERINGE

As een van Suid-Afrika se ideale gesinsbestemmings bied Forever Resorts werklik iets vir almal – van rustige en ontspannende aktiwiteite tot opwindende pret en plesier vir die hele gesin. Geniet salige spa-dae, pragtige wandelpaaie, asemrowende wildritte, waterpret, perderitte, bergfietsroetes, visvang, bootsafaris en nog meer.

FOREVER
RESORTS • LODGES • HOTELS • RETREATS

**TEL:** +27 (0)12 423 5600
**E-POS:** info@foreversa.co.za
**WEB:** www.foreversa.co.za



### VAN DIE AKTIWITEITE EN FASILITEITE BY **FOREVER SWADINI:**

Wandelpaaie | Swembad | Warmswembad
Warm Babaswembad | Restaurant | Chip 'n Dip
Putt-Putt | Troues | Konferensies

Besoek **www.foreverswadini.co.za** vir 'n volledige lys van aktiwiteite.



### VAN DIE AKTIWITEITE EN FASILITEITE BY **FOREVER BADPLAAS:**

Hydro | Spa | *Super Tubes* | *Tube Rapid*
Swembaddens | Privaat Natuurreservaat | Wildritte
Bergfiets Roetes | Staproetes | Perderitte | Troues
Konferensies

Besoek **www.foreverbadplaas.co.za** vir 'n volledige lys van aktiwiteite.



### VAN DIE AKTIWITEITE EN FASILITEITE BY **FOREVER PHALABORWA SAFARI PARK:**

Voëlkyk | Kamp & Karavaanplekke | Rotspoel
Safaritoere (buite terrein) | Bootritte (buite terrein)

Besoek **www.phalaborwasafaripark.co.za** vir 'n volledige lys van aktiwiteite.



### VAN DIE AKTIWITEITE EN FASILITEITE BY **FOREVER GARIEP:**

Visvang | Motorboot | Seilboot | Kano's | Bootritte
Swembad | Kinderswembad | Staproetes
Restaurant | Konferensies | Troues

Besoek **www.forevergariep.co.za** vir 'n volledige lys van aktiwiteite.



### VAN DIE AKTIWITEITE EN FASILITEITE BY **FOREVER LOSKOPDAM:**

Visvang | Bootritte | Spa | Kamp & Karavaanplekke
Koue & Warm Swembaddens | Wandelpad
Voëlkyk | Restaurant | Troues | Konferensies

Besoek **www.foreverloskopdam.co.za** vir 'n volledige lys van aktiwiteite.



### VAN DIE AKTIWITEITE EN FASILITEITE BY **FOREVER PLETTENBERG:**

Visvang | Motorboot | Kano's | Veerbootritte
Roeibootjies | Voëlkyk | Vlugbal | Swembad
Babaswembad | Putt-Putt | Trampoliens

Besoek **www.foreverplettenberg.co.za** vir 'n volledige lys van aktiwiteite.



### VAN DIE AKTIWITEITE EN FASILITEITE BY **FOREVER TSHIPISE:**

Rumatiekbad | Warm Water Mineraalswembad
Swembad | Wildritte | Wandelpaaie
Kinderspeelpark | Restaurant | Babaswembad
Troues | Konferensies | Algemene winkel

Besoek **www.forevertshipise.co.za** vir 'n volledige lys van aktiwiteite.



### VAN DIE AKTIWITEITE EN FASILITEITE BY **FOREVER WARMBATHS:**

Kinderswembad | *Super Tubes* | *Spray Pad*
Jacuzzi | Spoed-glybane | Branderpoel
Rivierritte | Hydro | Spa | Konferensies | Troues
Vlugbal | Tennis | Swembaddens

Besoek **www.foreverwarmbaths.co.za** vir 'n volledige lys van aktiwiteite.



### VAN DIE AKTIWITEITE EN FASILITEITE BY **FOREVER BLYDE CANYON:**

Wandelpaaie | Perderitte | Kadise Restaurant &
Kroeg | Troues | Spesiale geleenthede
Konferensies | Spanbou | Koue Swembad
Algemene winkel | Drankwinkel | Vlugbalbaan
Putt-Putt | Vulstasie

Besoek **www.foreverblydecanyon.co.za** vir 'n volledige lys van aktiwiteite.

LAAI DIE FOREVER TOEP AF

Bepalings en voorwaardes geld. Sommige aktiwiteite is betaalde aktiwiteite. Let asseblief daarop dat aktiwiteite onderhewig kan wees aan verandering en sommige van ons aktiwiteite is seisoenaal. Jou eie toerusting mag benodig word om sommige van die aktiwiteite te geniet.

## DIE FOREVER TOEP IS NOU BESKIKBAAR OP

GET IT ON Google Play | Download on the App Store | EXPLORE IT ON AppGallery


Kheis Riverside-lodge





# Noord-Kaap


Sterland


Vanderkloof-damwal




Red Sands


Kroon-lodge


Witsand


Dreghorn


River Destiny


Kalahari-gastehuis


Starwors

# 77 KROON-LODGE

**Kampplek** 14 gelyk staanplekke op grond met 'n eie onderdakstoep en ingeboude braaiplek. Die restaurant bedien net ontbyt.
**Ablusiegeriewe** Gemeenskaplike badkamers vir mans en vroue. Hier is ook geriewe vir rolstoelgebruikers, opwasplek en muntwasmasjiene.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00, maar buigsaam in die stiller tye.
**Kontak** kroonlodge@yahoo.com
083 878 8320 kroonlodge.co.za
**Naaste dorp** Op Kamieskroon.
**Hoe lyk die pad?** 100 m grondpad wat goed onderhou word.
**GPS** S30.206775 E17.935256

**WAS ONS AL HIER?** Ja, April-Mei 2025 (*Ry & Sleep* #66).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 'n Daktent op stelte vir motorfietsreisigers.



# 78 STARWORS





**Kampplek** 3 luukse kampplekke, elkeen met sy eie private badkamer in die vorm van 'n klein klipkop. Plus 'n geplaveide onderdaklapa, 'n braaiplek en wasbak met warm water, ligte, 'n 12 V-kragpunt en gratis wifi. Bespreek aanlyn: wors, hout, ys en 'n houtbrandbad.
**Ablusiegeriewe** Die gemeenskaplike toilette heet Luke Skywalker en Princess Leia.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00-16:30 en voor 11:00.
**Kontak** bookings@starwors.net
079 538 6822 starwors.net
**Naaste dorp** Nieuwoudtville 3 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 1,3 km tot in die kampplek is grondpad, en in goeie weer behoort jy nie te sukkel met 'n sedan en gewone padwa nie. 'n 4x4 sal dalk in die reënseisoen nodig wees.
**GPS** S31.366913 E19.1561211

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Beskikbaar in die nabye toekoms: Huur 'n boswoonwa (bring jou eie beddegoed).











# 79 KLIPWERF






**Kampplek** 3 staanplekke op grond en in koelte, elk met sy eie badkamer en kragpunte. Losstaande braaiers is beskikbaar. Die koffiewinkel by die Klipwerf-padstal 400 m in die straat af sit ligte etes en ontbyt voor (ook troeteldiervriendelik).
**Ablusiegeriewe** Jou eie stort, wasbak en toilet plus gemeenskaplike opwasplek.
**Aankoms- en vertrektyd** Tot 20:00 en 10:00.
**Kontak** 027 341 1126 of 078 800 5943
klipwerfgastehuis@gmail.com
**Naaste dorp** Op Calvinia.
**Hoe lyk die pad?** Teer.
**GPS** S31.465977 E19.780328

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Julie 2011 (*WegSleep* #35).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 'n Tweede skottelgoedwasbak het bygekom en daar's ekstra los braaiers.

# 80 STERLAND





**Kampplek** 33 afgebakende staanplekke, elk op gelyk grond met 'n laning bome langsaan.
**Ablusiegeriewe** 2 aparte badkamergeboue wat opwasplek insluit.
**Aankoms- en vertrektyd** 15:00 en 10:00.
**Kontak** 082 556 9589
info@sutherlandinfo.co.za
sutherlandinfo.co.za
**Naaste dorp** Sutherland 1 km.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot by Sterland.
**GPS** S32.408671 E20.658637

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Augustus 2019 (*Ry & Sleep* #25).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 'n Groot en twee klein glanskamptente.

## 81 SOUTPOORT











**Kampplek** 2 kampe ongeveer 200 m uitmekaar tussen rooi kliprantjies – krag by 1 staanplek (omskakelaar met battery). Elke staanplek het 'n gasgeiser en 'n plonspoel.
**Ablusiegeriewe** Eie badkamergebou met 'n stort, wasbak en toilet. Die opwasgeriewe is buite.
**Aankoms- en vertrektyd** 12:00 en 10:00.
**Kontak** 072 623 7926 thirionm@gmail.com soutpoort
**Naaste dorp** Loxton 15 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 3 km is grondpad. Dis gangbaar met 'n gewone wa, maar vat dit stadig. Maak seker voor die tyd wanneer dit gereën het.
**GPS** S31.350491 E22.292123

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 2 nuwe boskampe. Hulle het elk 'n eie plonspoel en water.

## 82 DREGHORN







**Kampplek** 4 staanplekke op grond. Geen elektrisiteit nie, maar sonkrag met 'n battery vir jou ys-vrieskas. Raakligte in die badkamer en by die opwasplek. Spyseniering op aanvraag (14 dae kennis). Daar's wifi en selfoonontvangs by die kantoor.
**Ablusiegeriewe** Private badkamers by al die staanplekke. 'n Gasgeiser sorg vir warm water.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** info@dreghornfarm.co.za 060 578 6095 of 067 747 1380 dreghornfarm.co.za
**Naaste dorp** Askham 31 km.
**Hoe lyk die pad?** 13 km grondpad.
**GPS** S26.857768 E20.778243

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Besig om 'n boma te bou by die staanplekke met 'n kombuis en swembad.

# 83 LAKE GRAPPA





**Kampplek** 'n Oop kampgedeelte op gras met plek vir tot 20 woonwaens. Reël vooraf vir troeteldiere en jy swem in die dam.
**Ablusiegeriewe** 4 private badkamers en 2 gemeenskaplike badkamers. Dit sluit opwasplek in, en 'n wasgoeddiens is beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** 10:00-20:00, en enige tyd.
**Kontak** 082 429 4811 of 082 444 3155
bookings@lakegrappa.co.za
lakegrappa.co.za
**Naaste dorp** Kakamas 18 km.
**Hoe lyk die pad?** 1 km goeie grondpad.
**GPS** S28.713626 E20.469950

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles in die haak.





# 84 DIE MAS







**Kampplek** Afhangend van die riviervlak is daar 24-30 staanplekke op gras met krag. Die restaurant is oop Dinsdae tot Saterdae, en hier is wifi by die restaurant.
**Ablusiegeriewe** 1 groot badkamergebou met opwasgeriewe.
**Aankoms- en vertrektyd** Buigsaam.
**Kontak** 054 431 0245 of 074 716 7419
accounts@diemas.co.za
diemas.co.za
**Naaste dorp** Kakamas 4 km.
**Hoe lyk die pad?** Daar's 1,5 km goeie grondpad.
**GPS** S28.763697 E20.641553

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Julie 2011 (*WegSleep* #35).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles in die haak.

# 85 KALAHARI-WATER







**Kampplek** 14 staanplekke op gras en grond met krag. Wifi by die kantoor.
**Ablusiegeriewe** Aparte badkamergeboue vir mans en vroue met gasgeisers, plus 'n kombuis met opwasplek en 'n wasbak vir klerewas.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 082 495 7999
info@kalahariwater.co.za
kalahariwater.co.za
**Naaste dorp** Keimoes 5 km.
**Hoe lyk die pad?** Hier is 500 m goeie grondpad.
**GPS** S28.717817 E20.956390

**WAS ONS AL HIER?** Ja, September 2016 (*WegSleep* #92).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Nuwe gras in die kampplek was die laaste.

# 86 KALAHARI-GASTEHUIS






**Kampplek** 5 aparte staanplekke onder wag-'n-bietjiedoringbome. Elkeen het 'n kragpunt, kraan, lig en vuurput (met 'n rooster). Die plaasstal het vars vleis.
**Ablusiegeriewe** 2 aparte geboue: 1 is vir almal se gebruik en het storte en toilette; die ander het aparte geriewe vir mans en vroue. Die lapa het 'n kombuis met toerusting soos 'n tweeplaatgasstoof en ketel en hier is ook 'n braaiplek.
**Aankoms- en vertrektyd** Nie vasgestel.
**Kontak** 073 194 2864
bookings@kalahariguesthouse.co.za
kalahariguesthouse.co.za
**Naaste dorp** Upington 50 km.
**Hoe lyk die pad?** Skaars 200 m grondpad wat geskik is vir enige wa.
**GPS** S28.059682 E21.025787

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Stap- en fietsroetes, en kano's en visgerei is te huur.

# 87 KALAHARI MONATE-LODGE





**Kampplek** 31 staanplekke met heelwat koeltebome – party met gras en ander op grond. Jy het 'n kraan, kragpunt en geboude braaiplek op jou staanplek.
**Ablusiegeriewe** 1 badkamergebou met aparte geriewe vir mans en vroue plus 'n klein kombuis vir skottelgoed.
**Aankoms- en vertrektye** 14:00-19:00 en 10:00.
**Kontak** 082 445 8324
kalahari.monate@gmail.com
upingtonmonatelodge.co.za
**Naaste dorp** Upington 13 km.
**Hoe lyk die pad?** Teenaan die teerpad tussen Upington en Askham.
**GPS** S28.378067 E21.158658

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Mei 2016 (*WegSleep* #88).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Elke staanplek het nou 'n bankie-en-tafelstel van beton.

# 88 KHEIS RIVERSIDE-LODGE









**Kampplek** 10 staanplekke op die rivieroewer, elk met sy eie braaiplek, tafel, stoele en 'n kragpunt. Goeie selfoonsein en wifi.
**Ablusiegeriewe** 2 groot badkamergeboue naby die staanplekke – albei met opwasplek. 'n Wasgoeddiens is beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 082 490 1321 of 082 849 2447
kheisriverside@gmail.com
kheisriverside.co.za
**Naaste dorp** Groblershoop 10 km.
**Hoe lyk die pad?** Teerpad en net 100 m grondpad.
**GPS** S28.837765 E22.070254

**WAS ONS AL HIER?** Ja, November 2016 (*WegSleep* #94).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Nuwe sproeiers vir die grasperk.



# 89 WITSAND









**Kampplek** 10 groot staanplekke met krag, op grond en van hulle in die skaduwee. Wifi by die kantoor.
**Ablusiegeriewe** 1 gerieflike en skoon badkamer, ook 'n kombuis.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00, maar gesels met die oordmense as jy vroeër wil aankom.
**Kontak** 083 234 7573
reception@witsandkalahari.co.za
Witsand Kalahari Nature Reserve
**Naaste dorp** Olifantshoek 80 km.
**Hoe lyk die pad?** 'n Goeie grondpad vir 15 km van Groblershoop se rigting af, en 70 km redelike goeie grondpad van Olifantshoek se kant af.
**GPS** S28.563485 E22.489385

**WAS ONS AL HIER?** Ja, November 2016 (*WegSleep* #94).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Hier is quadfietse te huur.

# 90 KALAHARI-ERFENIS











Foto's FJ Potgieter

**Kampplek** 6 staanplekke elk met 'n luukse tent vir 2 plus 'n koepeltent met 2 beddens – beddegoed en handdoeke ingesluit. Jy kan etes by die winkel bestel.
**Ablusiegeriewe** Die badkamergebou het 6 vertrekke – elke staanplekke kry 'n sleutel vir jou eie stort, wasbak en toilet. Jy het 'n eie opwasplek maar kan ook die geriewe by die hoofgebou gebruik. 'n Wasgoeddiens is beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 053 741 1455 of 073 178 8156
kalahari.cottage@vodamail.co.za
kalahari-erfenis.co.za
**Naaste dorp** Hotazel 24 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 8 km is grondpad wat maandeliks geskraap word.
**GPS** S27.075425 E22.980038

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 4 van die 8 luukse leefstyleenhede – met plek langsaan vir jou woonwa – is reeds voltooi.

# 91 RED SANDS







**Kampplek** 9 gemeenskaplike staanplekke op grond met koelte hier en daar, plus 5 staanplekke met hulle eie geriewe. Jy het 'n braaiplek met 'n rooster op jou staanplek plus 'n kragpunt. Wifi is beskikbaar by die restaurant en kantoor.
**Ablusiegeriewe** Afhangend van jou staanplek gemeenskaplik of privaat, en dit sluit opwasplek in. Hier is 'n wasgoeddiens.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 053 712 0033 of 082 801 4414
enquiries@redsands.co.za
redsands.co.za
**Naaste dorp** Kuruman 17 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 2 km is sanderig tot klipperig, maar goed genoeg vir 'n sedanvoertuig.
**GPS** S27.509895 E23.303989

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is op datum.

# 92 MATTANU






**Kampplek** Elk van die 5 staanplekke is op sand en het 'n kragpunt, kraan, lig en vuurput. Elkeen het ook 'n eie braaier met 'n rooster, en jy kry 'n gratis sakkie kameeldoringhout. Die restaurant is by die lodge – slegs besprekings.
**Ablusiegeriewe** Die gemeenskaplike geriewe is alles in 'n vierkant bymekaar en sluit in 'n plonspoel, die badkamers (2 storte en toilette elk vir mans en vroue), 'n braaiplek en kombuis.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 11:00, maar dis buigsaam in stiller tye.
**Kontak** reservations@mattanu.com 060 988 5555 mattanu.com
**Naaste dorp** Barkly-Wes 19 km.
**Hoe lyk die pad?** 17 km grondpad tot by die hek.
**GPS** S28.398614 E24.503311

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Hulle oorweeg om plonspoel se water te verhit, en plaveisel op die staanplekke.

# 93 KAMBRO





**Kampplek** 6 staanplekke op gras en grond met krag, elk met sy eie private braaiplek. Jy moet aandete vooraf bestel.
**Ablusiegeriewe** 1 badkamergebou wat 'n opwasplek insluit.
**Aankoms- en vertrektyd** Tot 20:00 en 10:00.
**Kontak** info@kambron12.co.za 053 672 0408 of 083 800 0014 kambroaccom.co.za
**Naaste dorp** Britstown 21 km.
**Hoe lyk die pad?** 300 m goeie grondpad.
**GPS** S30.416341 E23.566019

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Julie 2011 (*WegSleep* #35).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 2 nuwe staanplekke op die naburige plaas. Dis 2 km weg en jy het 'n 4x4 nodig. Daar is sonkrag, selfoonontvangs en 'n donkie vir warm water. Geen troeteldiere nie.

# 94 VLUYTJIESKRAAL-RIVIERPARK











**Kampplek** 18 staanplekke, meestal op gras. Kragpunte gebruik 'n woonwasok, maar jy kan by die oordmense geholpe raak as jy nie 'n passtuk saamgebring het nie.
**Ablusiegeriewe** 1 gebou met aparte geriewe vir mans en vroue. Albei kante het storte, maar die vroue het 'n ekstra bad. Hier is opwasplek en die wasmasjien kan gratis gebruik word.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00 (tensy anders gereël).
**Kontak** 053 050 1114 of 076 176 1989
vkn.co.za/rivierpark/
kantoor@vkn.co.za
**Naaste dorp** Op Orania.
**Hoe lyk die pad?** 1,1 km goeie grondpad.
**GPS** S29.798969 E24.419671

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles op datum.

# 95 VANDERKLOOF-DAMWAL



# 96 RIVER DESTINY









**Kampplek** 16 staanplekke op gras met krag en koelte.
**Ablusiegeriewe** 1 netjiese badkamergebou met opwasplek.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** info@riverdestiny.co.za 082 882 4833 riverdestiny.co.za
**Naaste dorp** Colesberg 42 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 5 km is 'n grondpad deur 'n wildkamp waarop jy 'n gewone wa kan sleep.
**GPS** S30.588553 E25.419622

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Julie 2012 (*WegSleep* #46).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles in die haak.

---







**Kampplek** Hier is 75 staanplekke op gras met geriewe soos 'n kragpunt, kraan en 'n geboude braaiplek met 'n rooster. Die winkel en restaurant is 'n kilometer weg by die Monte Crous-hotel.
**Ablusiegeriewe** Die badkamers – 3 aparte geboue vir mans en vroue met storte en toilette – is oorkant die staanplekke. Hier is opwasplek, dreineerplek vir kassettoilette en 'n wasgoeddiens.
**Aankoms- en vertrektyd** Geen vasgestelde tye vir aankoms nie, maar jy moet teen 12:00 op pad wees.
**Kontak** 067 394 0025 karavaanpark@vanderkloof.co.za vanderkloof.co.za
**Naaste dorp** Vanderkloof 1,2 km.
**Hoe lyk die pad?** Dis teerpad tot by die kampplek.
**GPS** S29.995557 E24.735000

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 'n Springkasteel en klouterraam.



Torwoodlea





# KwaZulu-Natal



Silverstreams



Scottburgh


Nyalazi


Bivanedam


Highmoor


Khotso


TO-strand


Cycad Rock

KWAZULU-NATAL

## 97 EDEN@KOSI







**Kampplek** 3 netjiese en ruim staanplekke in die bos wat deels omhein is met taamlike koelte.
**Ablusiegeriewe** Jou eie geriewe met warm water en waterdruk wat skrik vir niks nie. Dis basies, maar meer as voldoende en sluit opwasplek in.
**Aankoms- en vertrektyd** Geen vasgestelde tye nie.
**Kontak** 072 581 6907 of 074 582 1869
EDENatKOSI t@sfsacc.co.za
**Naaste dorp** Manguzi, 18,5 km van die Total-vulstasie af.
**Hoe lyk die pad?** 2,1 km grondpad waarvan die laaste 400 m sand is. Sonder 'n woonwa het jy 'n hoë ryding nodig, maar as jy swaar sleep, 'n 4x4.
**GPS** S26.878009 E32.841123

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Oktober-November 2024 (*Ry & Sleep* #63).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die derde staanplek is nuut en elkeen van die staanplekke het nou 'n gasgeiser.

## 98 CYCAD ROCK







**Kampplek** Staanplek op gras vir 'n groepbespreking – plek vir tot 4 boswaens. Wifi beskikbaar naby die swembad.
**Ablusiegeriewe** 1 badkamergebou vir die kampplek. Dit sluit opwasplek en 'n wasgoeddiens in.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 083 378 9727
info@cycadrock.co.za
cycadrock.co.za
**Naaste dorp** Jozini 4 km.
**Hoe lyk die pad?** 1 km grondpad wat net geskik is vir voertuie met 'n hoë grondvryhoogte.
**GPS** S27.416409 E32.063156

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles in die haak.

# 99 UMZIKI-CHALETS







**Kampplek** 2 staanplekke langs mekaar elk met plaveisel en 'n afdak bo-oor. Hier is ook koeltebome en jy het jou eie boma en plonspoel. Wifi beskikbaar by die hoofgebou.
**Ablusiegeriewe** Jou eie op jou staanplek. Jy het 'n binne- en buitestort plus opwasplek.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00-11:00.
**Kontak** umzikilodge@gmail.com 083 857 8297 umzikichalets.co.za
**Naaste dorp** eMkhuze 13 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 2 km is 'n goeie grondpad.
**GPS** S27.543858 E31.953730

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Buiten aanbouings by die chalets is alles hier op datum.



# 100 BIVANEDAM









**Kampplek** 16 ruim staanplekke meestal op gras en met hope koelte – 8 daarvan is in gelid by die oewer – plus 4 boskampe (sonder krag). Vir twee het jy 'n 4x4 nodig en vir die ander 'n 4x2.
**Ablusiegeriewe** Gemeenskaplike badkamers met stort- en badplek. Dis silwerskoon en langs die kantoor.
**Aankoms- en vertrektyd** Die hektye is 06:00-18:00 – as jou staanplek voor dit beskikbaar is, kan jy teen 12:00 intrek.
**Kontak** 078 802 3329 of 083 283 8291 admin@bivanedam.co.za bivanedam.co.za
**Naaste dorp** Vryheid 52 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 19 km is 'n ordentlike grondpad: 12,1 km tot by die hek en 6,9 km op die terrein.
**GPS** S27.519885 E31.052039

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Februarie-Maart 2025 (*Ry & Sleep* #65).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 'n Avontuurminigholfbaan met 9 putjies.

# 101 BAHATI









**Kampplek** 20 ruim staanplekke in die bos en 7 luukse staanplekke met private kombuise en badkamers.
**Ablusiegeriewe** 2 badkamergeboue wat deur die oord versprei is vir die gewone staanplekke – dit sluit opwasplek in.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00, maar buigsaam as jy vooraf reël.
**Kontak** 071 405 2973
info@bahaticaravanpark.co.za
bahaticaravanpark.co.za
**Naaste dorp** Hluhluwe 4 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 4,7 km is effens klipperig, maar jy kan 'n gewone wa hierop sleep. Die paadjies op die plaas is netjiese vasgetrapte sandpaaie.
**GPS** S28.059817 E32.278422

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Augustus 2017 (*Ry & Sleep* #1).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles op datum.

# 102 NYALAZI







**Kampplek** 7 meestal ruim staanplekke in die bos met 'n gelykgemaakte oppervlak. Jy het 'n kraan en kragpunt op jou staanplek, maar bring jou eie rooster.
**Ablusiegeriewe** Klein, netjiese badkamers in die middel van die kampplek met aparte geriewe vir mans en vroue, plus opwasplek.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** res@nyalazicamp.com
076 229 5101 nyalazicamp.com
**Naaste dorp** Mtubatuba 27 km.
**Hoe lyk die pad?** 'n Smal tweespoorgrondpad van 500 m voor die hek.
**GPS** S28.256653 E32.012185

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Februarie-Maart 2025 (*Ry & Sleep* #65).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die nuwe kombuis sou teen November 2025 klaar gewees het.

## 103 KWA-RIE






**Kampplek** 27 staanplekke op gras met krag en heelwat koelte. Hier is losstaande braaiplekke met roosters.
**Ablusiegeriewe** Hier is 'n verskeidenheid keuses – van aparte badkamers vir mans en vroue en private geriewe tot 'n gesinsbadkamer. Hier is opwasplek en 'n selfhelpwaskamer met masjiene.
**Aankoms- en vertrektyd** Vanaf 09:00 en voor 12:00.
**Kontak** kwarie.caravanparks.co.za kwarie@gmail.com 082 490 2231
**Naaste dorp** Op Dundee.
**Hoe lyk die pad?** Heelpad teerpad.
**GPS** S28.171747 E30.222560

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Oktober 2006 (*WegSleep* #4).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles op datum.

## 104 LOBOTES





**Kampplek** 11 staanplekke op gras van 10 x 10 m met plek-plek koelte. Jy het 'n kragpunt en braaiers (met roosters) word nader gedra as jy een nodig het. Kampeerders het 'n uitsig oor die see én jy het direkte toegang tot die strand.
**Ablusiegeriewe** Aparte geriewe vir mans en vroue met opwasplek – 'n wasgoeddiens is ook beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00 (tensy anders gereël).
**Kontak** 084 515 3488 info@lobotes.co.za lobotes.co.za
**Naaste dorp** Mandini 15 km.
**Hoe lyk die pad?** Teerpad tot hier.
**GPS** S29.219463 E31.506381

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles op datum.

# 105 TORWOODLEA





**Kampplek** 'n Oop kamp vir groepbesprekings van 10-15 woonwaens. Dis op 'n plaas en jy staan op gras. Wifi is beskikbaar nader aan die hoofgebou. Die naaste winkels – soos 'n slaghuis, winkel en vulstasie – is op Nieu-Hanover, 4 km weg.
**Ablusiegeriewe** Geriewe van nabygeleë badkamers met opwasplek. Bespreek die kombuis as jy dit nodig kry.
**Aankoms- en vertrektyd** Geen spesifieke tye nie.
**Kontak** 072 142 6213 ronabartels@me.com torwoodlealodge.co.za
**Naaste dorp** Pietermaritzburg 30 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 2 km is grondpad wat goed onderhou word.
**GPS** S29.375526 E30.498429

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles in plek.

# 106 HIGHMOOR








**Kampplek** 7 staanplekke in 'n ry wat elkeen met boompies afgeskort is.
**Ablusiegeriewe** 'n Klein badkamer wat mans en vroue deel. Hier is ook opwasplek.
**Aankoms- en vertrektyd** Die kantoor is oop van 08:00-12:00 en 13:00-16:00.
**Kontak** 087 150 3794 (Highmoor-kantoor) bookings@kznwildlife.com kznwildlife.com
**Naaste dorp** Mooirivier 51 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste deel is 'n klipperige grondpad van 6,7 km, gevolg deur 'n smal teerpad van 4,4 km, en die laaste 600 m is 'n klipperige grondpad.
**GPS** S29.320857 E29.621884

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Desember 2015 (*WegSleep* #84).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles op datum.

# 107 MOUNT PARK-GASTEPLAAS









**Kampplek** 18 staanplekke op gras op 'n plaas – party met koelte. Elkeen het 'n kragpunt, en krane (boorgatwater) word gedeel. Permanente en losstaande braaiers (met roosters) is beskikbaar. Daar's selfoonontvangs en wifi by die kantoor en restaurant.
**Ablusiegeriewe** 2 geboue met opwasplek: 'n Ouer een agter die kantoor vir albei geslagte, en 'n nuwer een anderkant die onderste staanplekke. 'n Wasgoeddiens is beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 033 234 4601 of 083 639 1114
bookings@mountpark.co.za
mountpark.co.za
**Naaste dorp** Howick 41 km.
**Hoe lyk die pad?** Dit hang van die weer af – 10 km grondpad.
**GPS** S29.549437 E29.964415

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is op datum.

# 108 HIGHLAND NOOK







**Kampplek** 15 staanplekke op gras, die meeste met koelte. Hier is sentrale kragpunte; onthou dus jou verlengkoord. Pak ook jou rooster in vir die braaier. 'n Onderdak-somerhuis as skuiling in gure weer met 'n gasstoof.
**Ablusiegeriewe** Die badkamers het storte en baddens, 'n opwasplek en wasgoedlyn.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00, maar buigsaam.
**Kontak** highlandnook@yahoo.com
079 351 0901 highlandnook.co.za
**Naaste dorp** Underberg 37 km.
**Hoe lyk die pad?** Die toestand van die 14 km grondpad van Impendle af hang van die weer af. Geen padwaens nie; slegs boswaens en voertuie met 'n hoë grondvryhoogte word aanbeveel.
**GPS** S29.551875 E29.574155

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is agtermekaar.

## 109 KHOTSO







**Kampplek** Informele uitleg met plek vir tot 12 gesinne, en 'n oop ruimte sonder geriewe vir tot 100 mense. Jy swem in 'n rotspoel, en ontbyt en aandete kan vooraf bestel word.
**Ablusiegeriewe** 3 badkamergeboue waarvan 1 meer oop is in die natuur. Hier is 'n ewe netjiese gemeenskaplike kombuis. Wasgoeddiens teen 'n tarief.
**Aankoms- en vertrektyd** Geen vasgestelde tye nie.
**Kontak** 082 412 5540 info@khotso.co.za khotso.co.za
**Naaste dorp** Underberg 10 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 1 km is 'n netjiese grondpad.
**GPS** S29.746345 E29.427155

**WAS ONS AL HIER?** Ja, April-Mei 2022 (*Ry & Sleep* #48).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Een van die badkamers is opgegradeer met 4 storte en 4 toilette. Die oop ruimte het braaiplekke gekry.

## 110 SILVERSTREAMS







**Kampplek** 30 gelyk staanplekke op 'n yslike grasperk, maar koelte is skaars.
**Ablusiegeriewe** 2 badkamervertrekke elk vir mans en vroue, plus 'n enkelbadkamer vir rolstoelgebruikers of ma's met kleintjies. Hier is opwasplek en 'n wasgoeddiens beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** info@silverstreams.co.za 082 331 6670 of 082 859 8619 silverstreams.co.za
**Naaste dorp** Underberg 37 km.
**Hoe lyk die pad?** Afhangend van watter kant af jy kom, is die laaste 24,6 km of 32,4 km skaflike grondpad. Jou gewone woonwa sal dit maak as jy dit rustig vat.
**GPS** S29.844433 E29.214952

**WAS ONS AL HIER?** Ja, April-Mei 2022 (*Ry & Sleep* #48).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles op datum.

# 111 SCOTTBURGH





**Kampplek** 265 staanplekke met wisselende grade van koelte, en hier is 'n koffiewinkel (met wifi ) vir ontbyt en ligte middagetes. Los braaiers te huur.
**Ablusiegeriewe** 5 groot badkamergeboue reg oor die oord met 'n paar groot opwaskamers en spoelplek vir kassettoilette. Dan is daar ook 3 kleiner badkamers waarvan 1 vir mense in 'n rolstoel is. Hier is 1 selfhelpwaskamer wat met munte werk, en 'n wasgoeddiens is ook beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** 12:00 en 10:00.
**Kontak** 039 976 0291
caravanpark@scottburgh.co.za
scottburghcaravanpark.co.za
**Naaste dorp** Op Scottburgh.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot by die oord.
**GPS** S30.283132 E30.759464

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Junie-Julie 2021 (*Ry & Sleep* #43).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 'n Bakkery en stoorplek vir woonwaens.

# 112 RIVER VALLEY





**Kampplek** 20 staanplekke in die lieflikste tuin. Party is op gras en ander op gruisblokke met 'n betonrand en 'n struikheining rondom jou. Hier is gemeenskaplike braaiplekke. Jy betaal vir die krag wat jy gebruik (10 eenhede per dag is wel gratis).
**Ablusiegeriewe** 1 gebou met aparte geriewe vir mans en vroue met opwasplek. Hier is ook 'n waskamer met 'n wasmasjien en tuimeldroër wat met ruilmunte werk.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** info@rivervalley.co.za
039 975 1805 rivervalley.co.za
**Naaste dorp** Op Pennington.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot hier.
**GPS** S30.366139 E30.704858

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Februarie-Maart 2024 (*Ry & Sleep* #59).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Wifi is nou in die kampplek beskikbaar.

# 113 MTWALUMI







**Kampplek** 21 staanplekke van verskillende grootte op gras met wisselende koelte en privaatheid. Een of twee het 'n betonblad. Die braaiplek is gemessel en het 'n rooster.
**Ablusiegeriewe** 1 gebou by die ingang met opwasplek.
**Aankoms- en vertrektyd** Maandae-Vrydae 14:00 en 10:00; Saterdae en Sondae 10:00 en 14:00.
**Kontak** mtwalumiholidayresort.co.za reception@mtwalumiholidayresort.co.za 083 800 5356
**Naaste dorp** Op Mtwalume, 16 km van Hibberdene af.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot by die oord.
**GPS** S30.489072 E30.629095

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Februarie-Maart 2024 (*Ry & Sleep* #59).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die nuwe boorgat was die laaste toevoeging.

# 114 TO-STRAND



**Kampplek** 141 staanplekke, almal met krag, 'n vullisdrom en kraan, en die meeste het skaduwee en gras. Sommige het 'n plaveiblad en plek-plek kamp jy op sand. Ekstra braaiers te huur.
**Ablusiegeriewe** 2 netjiese badkamergeboue en hier is ook opwasplek, 'n ys- en vrieskas te huur en 'n wasgoeddiens is beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 09:00.
**Kontak** 039 319 2729 bookings@tostrand.net tostrand.net
**Naaste dorp** Port Edward 7 km.
**Hoe lyk die pad?** Heelpad teerpad.
**GPS** S31.031277 E30.234969

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Julie 2019 (*Ry & Sleep* #24).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Hulle is besig om die badkamers op te kikker.





# 115 THE PONT







**Kampplek** 41 staanplekke op gras. Die staanplekke het 'n kragpunt en vullisdrom, maar krane word gedeel. Nie al die staanplekke het ewe veel koelte nie. Wifi is beskikbaar by die kroeg en restaurant.
**Ablusiegeriewe** 5 netjiese badkamergeboue van verskillende groottes.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 039 311 2211
thepontoffice@gmail.com
oldpont.co.za
**Naaste dorp** Port Edward 5 km.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot hier.
**GPS** S31.065861 E30.180569

**WAS ONS AL HIER?** Ja, September 2018 (*Ry & Sleep* #14).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles in die haak.






# JOU VOLGENDE AVONTUUR *Begin Hier*

## DAAR'S 'N REDE HOEKOM SUID-AFRIKA AS EEN VAN DIE MOOISTE LANDE IN DIE WÊRELD BESKOU WORD.

Met haar asemrowende natuurskoon en eindelose avonture is Moeder Afrika hoog op die reislys van elke avontuurlustige en wêreldreisiger. Forever Resorts gee jou direkte toegang tot die natuurskoon, kultuur en dierelewe van ons ongelooflike land – en daar is geen beter tyd om dit te begin verken as nou nie.

Ontdek die skoonheid van Forever Resorts Blyde Canyon met staproetes wat panoramiese uitsigte oor die kloof, berge en omliggende natuur bied. By Forever Resorts Swadini wag kristalhelder swembaddens, rustige bootritte en pragtige wandelpaaie deur die berge. Ervaar die opwinding van wildritte en voëlkyk by Forever Resorts Tshipise, of kyk die Groot Vyf direk in die oë by Forever Resorts Phalaborwa Safari Park. As dit 'n aktiewe en avontuurlustige vakansie is waarna jy opsoek is, spandeer die somer by Forever Resorts Badplaas – of bederf jouself met 'n luukse spa-behandeling by Forever Resorts Warmbaths.

FOREVER
RESORTS • LODGES • HOTELS • RETREATS

## DIS HOOGTYD DAT JY DIE BESTE VAN SUID-AFRIKA VAN NADERBY ERVAAR! BEPLAN VANDAG NOG JOU FOREVER AVONTUUR.



Forever Blyde Canyon



Forever Tshipise



Forever Gariep



Forever Plettenberg



Forever Swadini



Forever Loskopdam



Forever Warmbaths



Forever Safari Park



Forever Badplaas

## BESPREEK JOU VAKANSIE VANDAG NOG!

DIE FOREVER TOEP IS NOU BESKIKBAAR OP

GET IT ON Google Play

Download on the App Store

EXPLORE IT ON AppGallery

LAAI DIE FOREVER TOEP AF


Oranje-gasteplaas





# Vrystaat


Udolpho


Kasteelkop




River of Joy


River Run-oord

# VRYSTAAT


Old Mill Drift


Tava Lingwe


Meiringskloof


Bassfeather


Forever Gariep

# 116 THE DELL







**Kampplek** 2 groot en afgebakende staanplekke langs die rivier met krag, gras en koelte. Die restaurant is deur die dag oop tot 16:00.
**Ablusiegeriewe** Private badkamers en opwasplek. Jy kan reël om wasgoed te laat doen.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 072 486 9491
bookings@thedell.co.za
thedell.co.za
**Naaste dorp** Parys 10 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 6 km is 'n grondpad, meestal in 'n goeie toestand, maar die reënseisoen kan dit beïnvloed – jy het nie 'n 4x4 nodig nie.
**GPS** S26.839644 E27.514001

**WAS ONS AL HIER?** Ja, April 2016 (*WegSleep* #87).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is agtermekaar.

VRYSTAAT

# 117 CASA CARA







**Kampplek** 25 staanplekke by die swembad op klippies (staanplek nr. 1-17 het skadunet), plus 13 langs die rivier met plaveisel.
**Ablusiegeriewe** Die rivierstaanplekke het eie private badkamers met opwasplek. Gemeenskaplike badkamers met opwasplek vir die swembadstaanplekke.
**Aankoms- en vertrektyd** 12:00 en 11:00.
**Kontak** info@casacara.co.za
056 050 0176 of 083 554 9204
casacara.co.za
**Naaste dorp** Parys 7 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 3 km is 'n grondpad wat weekliks geskraap word.
**GPS** S26.859803 E27.49859

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Mei 2018 (*Ry & Sleep* #10).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Niks nuuts nie.

# 118 UDOLPHO






**Kampplek** Die kampgedeelte is in twee verdeel: 4 staanplekke langs die rivier en 2 staanplekke weg van die water af (nader aan die chalets). Die staanplekke het krag en gras – die meeste met koelte. Wifi by die kantoor.
**Ablusiegeriewe** 1 badkamergebou met aparte geriewe vir mans en vroue, en 'n opwasplek.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 056 818 1197
082 762 7077 udolpho.co.za
plaasvakansie@kultuurtuiste.org.za
**Naaste dorp** Parys 8 km.
**Hoe lyk die pad?** 4 km grondpad.
**GPS** S26.863612 E27.488547

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is agtermekaar.

# 119 DIMALACHITE







**Kampplek** 60 staanplekke langs die rivier. Dié vir hengel (altesame 28) is op die oewer met 'n tweede ry (32) agter hulle. Wifi-koopbewyse is by die kantoor beskikbaar.
**Ablusiegeriewe** 3 badkamergeboue: Mans en vroue het eie geriewe en die een gebou het 'n gesinsbadkamer. Hier is ook opwasplek.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 13:00.
**Kontak** 071 715 3474 of 079 982 5297
dimalachite.co.za
res2@dimalachite.co.za
**Naaste dorp** Parys en Vredefort, albei 11 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 4 km is goeie grondpad.
**GPS** S26.903271 E27.368151

**WAS ONS AL HIER?** Ja, April 2016 (*WegSleep* #87).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die badkamers is opgekikker.

## 120 RIVER RUN-OORD







**Kampplek** 3 kampblokke (A, B en C) langs die Vaalrivier, onderskeidelik met 16, 23 en 16 staanplekke. Jy staan op 6 x 6 m-plaveisel met 'n kraan, kragpunt en braaiplek op jou staanplek.
**Ablusiegeriewe** Blok A en C deel 'n badkamergebou met aparte geriewe vir mans en vroue. Hier is opwasplek en 'n gesinsbadkamer. Blok B het gedeelde geriewe, ook met opwasplek.
**Aankoms- en vertrektyd** In besige tye 14:00 in en 09:00 uit, maar rustiger in stiller tye.
**Kontak** 071 584 2160
bookings@riverrunresort.co.za
riverrunresort.co.za
**Naaste dorp** Vredefort 34 km.
**Hoe lyk die pad?** 17,5 km grondpad. Die toestand hang af van die weer, maar dit word deurentyd onderhou.
**GPS** S26.949474 E27.181851

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die glybane.

## 121 LIMERICK





**Kampplek** 34 staanplekke met krag en groen gras. Nie almal het egter ewe veel koelte nie. Wegneemetes is by die winkel beskikbaar.
**Ablusiegeriewe** 3 ablusieblokke met opwasplekke. Hier is selfhelpwasgeriewe (betaal by die kantoor) en 'n wasgoeddiens is beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** 10:00 en 16:00.
**Kontak** 082 335 2809
info@limericklodge.co.za
limericklodge.co.za
**Naaste dorp** Potchefstroom 26 km.
**Hoe lyk die pad?** 500 m grondpad.
**GPS** S26.940383 E27.062199

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 2 van die staanplekke het nou betonblokke op.

# 122 TAVA LINGWE







**Kampplek** 75 staanplekke met gras, maar min skaduwee. Die restaurant is toe op Saterdae. Wifi hier beskikbaar.
**Ablusiegeriewe** 3 gemeenskaplike netjiese en skoon badkamergeboue met 'n opwasplek agter elkeen.
**Aankoms- en vertrektyd** 10:00, maar jy mag buite seisoen later vertrek.
**Kontak** info@tavalingwe.co.za
056 931 0986 072 078 1172
tavalingwe.co.za
**Naaste dorp** Vredefort 27 km.
**Hoe lyk die pad?** Heelpad teerpad.
**GPS** S25.374157 E 27.587606

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Desember 2022-Januarie 2023 (*Ry & Sleep* #52).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 'n Kinderswembad en glybane, minigholf en staproetes.

VRYSTAAT

# 123 KASTEELKOP








**Kampplek** 5 staanplekke op gras met koelte en krag.
**Ablusiegeriewe** Geriewe vir mans en vroue naby die staanplekke met opwasplek.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00, maar dis buigsaam as daar nie ander besprekings is nie.
**Kontak** 082 850 0170
kasteelkopguestfarm@gmail.com
kasteelkopguestfarm.net
**Naaste dorp** Frankfort 29 km.
**Hoe lyk die pad?** 30 km goeie grondpad wat jy verkieslik met 'n voertuig moet ry wat hoog bo die grond staan, veral as die weer sleg is.
**GPS** S27.459768 E28.658931

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is agtermekaar.

# 124 BASSFEATHER






**Kampplek** Gemerkte staanplekke vir 22 woonwaens op 'n lieflike grasperk met heelwat koeltebome. Krane is by elke staanplek aangebring. Van die staanplekke is nader aan die badkamers; ander lê nader aan die dam.
**Ablusiegeriewe** 1 badkamergebou: Aan die manskant is 3 storte en 2 toilette, en aan die vrouekant dieselfde plus 2 ekstra baddens. Dit sluit opwasplek in en 'n wasgoeddiens is beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** 13:00 en 11:00.
**Kontak** info@bassfeather.com 082 378 6991 bassfeather.com
**Naaste dorp** Reitz 10 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 1 km is 'n goeie stukkie grondpad.
**GPS** S27.812397 E28.504346

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Augustus-September 2021 (*Ry & Sleep* #44).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 'n Staproete van 3,8 km wat heel matig is.

# 125 OBERAMMERGAU





**Kampplek** 8 staanplekke met krag en water op 'n gelyk grasperk. Los braaiers op wieletjies is beskikbaar. Hier is koeltebome, maar hulle is nog jonk.
**Ablusiegeriewe** Gemeenskaplike geriewe naby die staanplekke vir almal se gebruik (opwasplek ingesluit).
**Aankoms- en vertrektyd** Geen vasgestelde tye nie.
**Kontak** 083 462 7019 malutimountains@gmail.com
**Naaste dorp** Op Senekal.
**Hoe lyk die pad?** Teerpad.
**GPS** S28.321889 E27.613560

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Niks nuuts nie.

# 126 UITHOEK







**Kampplek** 50 staanplekke op 'n grasperk met heelwat koeltebome.
**Ablusiegeriewe** Netjiese badkamergeboue tussen die staanplekke met 'n gesinsbadkamer. Hier is ook 'n badkamer ingerig vir mense in 'n rolstoel. Dit sluit in 'n opwasplek en waskamer met 'n wasmasjien ('n klein tarief geld).
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 062 505 6854 info@uithoek.com uithoek.com
**Naaste dorp** Fouriesburg 11 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 2,8 km is 'n skaflike grondpad waarop jy 'n gewone padwa kan sleep.
**GPS** S28.542495 E28.213146

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Augustus-September 2021 (*Ry & Sleep* #44).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Wild op die terrein – soos swartwildebeeste, springbokke, gemsbokke, volstruise, sebras en waterbokke – was die laaste toevoeging.



# 127 MEIRINGSKLOOF






**Kampplek** 14 staanplekke op gras en grond met krag. Selfoonsein by die ingang, maar nie op alle staanplekke nie. Daar's wifi by die kantoor en swembad én by enkele van die staanplekke.
**Ablusiegeriewe** 1 badkamergebou naby al die staanplekke plus 'n klein gebou met toilette by die swembad. Die opwasgedeelte het 'n waskamer (gratis) met 'n wasmasjien en wasgoedlyn.
**Aankoms- en vertrektyd** 10:00.
**Kontak** meiringskloof.co.za admin@meiringskloofpark.co.za 058 223 0067
**Naaste dorp** Fouriesburg 2 km.
**Hoe lyk die pad?** 1,7 km grondpad wat goed onderhou word.
**GPS** S28.602649 E28.224289

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Februarie 2020 (*Ry & Sleep* #31).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die tuin in die kampplek, die gemeenskaplike lapa en die Swaeltjiesnes – 'n afgesonderde kamphut – is voltooi.

# 128 OLD MILL DRIFT









**Kampplek** 5 afsonderlike staanplekke wat wissel van 143 m² tot 224 m², elk met 'n vuurput, braaiplek (met 'n rooster), 2 kragpunte en 'n vullisdrom. Jy mag ook elders op die plaas kamp. Hier is geen selfoonontvangs op jou staanplek nie, maar wel wifi (teen 'n tarief).
**Ablusiegeriewe** 2 badkamergeboue met toilette en storte vir almal. Hier is ook 2 wasbakkie vir skottelgoed en 'n gasgeiser sorg vir warm water.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** bookings@oldmilldrift.co.za 066 466 2106 oldmilldrift.co.za
**Naaste dorp** Clarens 27 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 3 km is grondpad, maar woonwaens word slegs toegelaat as jy met 'n 4x4-voertuig sleep.
**GPS** S28.610146 E28.453316

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 'n Woonwa vir verblyf (met beddegoed) en die gebruik van 'n gedeelde badkamer.

# 129 ORANJE-GASTEPLAAS







**Kampplek** 17 staanplekke op die mooiste grasperk met 'n gedeelde kraan, vullisdrom en kragpunt naby. Die boompies is nog jonk en wifi is beskikbaar by die swembad.
**Ablusiegeriewe** Ruim badkamers vir mans, vroue en 'n gesin. Jy kan alles deur 'n ring trek, dis goed ontwerp en daar is opwasplek.
**Aankoms- en vertrektyd** Geen vasgestelde tye nie.
**Kontak** 084 712 0427 bookings@oranjegasteplaas.co.za oranjegasteplaas.co.za
**Naaste dorp** Fouriesburg 15 km.
**Hoe lyk die pad?** 1,2 km netjiese plaaspad tot in die kampplek.
**GPS** S28.654027 E28.338426

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Augustus-September 2025 (*Ry & Sleep* #68).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die kampplek self is nog nuut.

# 130 RIVER OF JOY







**Kampplek** 20 staanplekke op gras met gedeelde kragpunte. Van die staanplekke is nader aan die rivier en die koelte wissel by elkeen. Hier is losstaande braaiers met roosters.
**Ablusiegeriewe** 1 gebou met afsonderlike geriewe vir mans en vroue. Hier is ook opwasplek en wasgoedgeriewe.
**Aankoms- en vertrektyd** Geen vasgestelde tye.
**Kontak** riverofjoyhs@gmail.com
083 462 7522 of 083 451 6558
riverofjoy.co.za
**Naaste dorp** Bloemfontein 25 km.
**Hoe lyk die pad?** 1 km van die N1 af; die laaste 500 m is 'n netjiese gruispad.
**GPS** S28.960654 E26.350573

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Junie 2013 (*WegSleep* #56).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die wifi.

# 131 MASELSPOORT







**Kampplek** 44 staanplekke op gras met krag by die rivier en private badkamers plus 'n kombuisie, en 108 staanplekke op gras met krag en water net 'n entjie weg van die rivier af.
**Ablusiegeriewe** 2 ruim badkamergeboue vir die 108 staanplekke. Dis netjies en modern met storte, baddens (ook vir gestremdes), opwasplek en 'n waskamer.
**Aankoms- en vertrektyd** 15:00 en 11:00.
**Kontak** 051 441 7848
reservations@maselspoort.co.za
maselspoort.co.za
**Naaste dorp** Bloemfontein 28 km.
**Hoe lyk die pad?** Teerpad tot hier.
**GPS** S29.031581 E26.408409

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Junie 2013 (*WegSleep* #56).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is klopdisselboom.

# 132 REYNEKE PARK











**Kampplek** 12 staanplekke op gras en grond met krag – sommige het koelte. Tuisgemaakte etes op versoek en varsgebakte suurdeegbrood kan gereël word.
**Ablusiegeriewe** Jou eie geriewe wat 'n stort, wasbak, toilet en opwasplek insluit.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00.
**Kontak** 051 523 3888 of 082 909 1500
info@reynekepark.co.za
reynekepark.co.za
**Naaste dorp** Aan die buitewyke van Bloemfontein.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot hier.
**GPS** S29.134827 E26.140196

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Maart 2007 (*WegSleep* #2).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is klopdisselboom.

# 133 FOREVER GARIEP



**GERIEWE & AKTIWITEITE**

- 4x4-roetes (met jou eie voertuig)
- Voëlsoek
- Bootritte
- Hengel (met jou eie gerei)
- Kinderspeelpark
- Motorbote (bring jou eie boot)
- Bergfietsroetes (eie fiets)
- Minigholf
- Damvaarte (eie seilboot)
- Swembad
- Staproetes





# 134 WASCHBANK-RIVIERLODGE







**Kampplek** 9 staanplekke op die mooiste grasterrasse. Wifi by die restaurant.
**Ablusiegeriewe** Aparte geriewe vir mans en vroue plus 2 gesinsbadkamers – alles ruim en vyfster. (Jy kan 'n gesinsbadkamer vir jouself bespreek teen 'n ekstra tarief.) Hier is 'n waskamer met wasmasjien en droër – betaal by die kantoor – en hulle bied 'n wasgoeddiens.
**Aankoms- en vertrektyd** Tussen 14:00 en 20:00, en 10:00.
**Kontak** info@waschbank.co.za 072 474 7465 waschbank.co.za
**Naaste dorp** Gariepdam 6,8 km.
**Hoe lyk die pad?** 1,9 km netjiese grondpad wat heel gangbaar is vir enige voertuig.
**GPS** S30.611000 E25.458039

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Augustus-September 2025 (*Ry & Sleep* #68).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is op datum.











**Kampplek** 106 staanplekke, elk met krag, 'n vullisdrom, braaier, gras of plaveisel, en die meeste met koelte. In die luukse kampterrein is 16 staanplekke met plaveiblaaie en private badkamers. Hoogstens 8 mense per staanplek. Wifi net by die kantoor en restaurant.
**Ablusiegeriewe** Buiten die geriewe by die private staanplekke ook 1 skoon en netjiese ablusieblok by die ander staanplekke, plus geriewe vir mense in 'n rolstoel.
**Aankoms- en vertrektyd** 15:00 en10:00 (jy mag in die oord aanbly tot 16:30).
**Kontak** 051 754 0045 gariep@foreversa.co.za forevergariep.co.za
**Naaste dorp** Gariepdam 1 km.
**Hoe lyk die pad?** Heelpad teerpad.
**GPS** S30.59678 E25.50193

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Januarie-Februarie 2017 (*WegSleep* #96).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Alles is in orde.



Forever Plettenberg



African Game-lodge



Silwerstrand



Potdeksel



# Wes-Kaap



Koningskop



Dibiki



De Bakke Santos



Montagu-woonwapark

# 135 LETSATSI-LODGE







**Kampplek** 12 luukse staanplekke met van die beste geriewe in die land.
**Ablusiegeriewe** Jou eie – jy het ook 'n volledige kombuis en badkamer.
**Aankoms- en vertrektyd** Tussen 13:00 en 14:00, en 10:00.
**Kontak** 027 219 2828
info@letsatsilodge.co.za
ncfamouslodges.com/letsatsi-lodge/
**Naaste dorp** Reg by Vanrhynsdorp.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot by die hek en gruis nadat jy ingery het.
**GPS** S31.607173 E18.727242

**WAS ONS AL HIER?** Ja, April-Mei 2025 (*Ry & Sleep* #66).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Letsatsi se kampgedeelte is nuut.

# 136 RONDEBERG









**Kampplek** 32 gewone staanplekke en 10 luukse staanplekke met hulle eie badkamer, opwas- en braaiplek.
**Ablusiegeriewe** 2 skoon en netjiese ablusieblokke en gesinsbadkamers vir die gewone staanplekke (met opwasplek). Hier is 'n selfhelpwaskamer, plek om 'n kassettoilet te dreineer en buitewasbak om roosters te was.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00-17:30 in die week en tot 18:00 op Vrydae. Vertrektyd is 11:00.
**Kontak** 021 100 3689 of 079 760 0247
info@rondebergresort.co.za
rondeberg.com
**Naaste dorp** Clanwilliam 22 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 500 m is 'n goeie grondpad.
**GPS** S32.000506 E18.777181

**WAS ONS AL HIER?** Ja, Augustus-September 2022 (*Ry & Sleep* #50).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Die badkamers is opgekikker.

# 137 KONINGSKOP







**Kampplek** 50 staanplekke – meestal op gras. Die restaurant is oop op Saterdae en ander besige tye. Wifi-koopbewyse beskikbaar.
**Ablusiegeriewe** 4 badkamergeboue met opwasplek. 'n Wasgoeddiens is by navraag beskikbaar.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00 en 10:00, maar buigsaam.
**Kontak** 022 125 0619
info@koningskop.co.za
koningskop.co.za
**Naaste dorp** Citrusdal 27 km.
**Hoe lyk die pad?** Teer tot hier.
**GPS** S32.498546 E18.848549

**WAS ONS AL HIER?** Ja, November 2014 (*WegSleep* #72).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** 'n Gemeenskaplike braaiplek, meer klouterrame en droomvangerswaaie het bygekom.

WES-KAAP

# 138 CEDAR ESCAPE (BOSRIVIER)







**Kampplek** 5 staanplekke langs 'n stroom en op 'n groot driehoekvormige grasperk.
**Ablusiegeriewe** Jou eie langs jou staanplek – dit sluit 'n aparte toilet en stort in.
**Aankoms- en vertrektyd** Vanaf 14:00 en voor 10:30. Jy mag reël om vroeër aan te meld of later te vertrek, maar teen 'n ekstra tarief.
**Kontak** 071 681 3871
bookings@algestates.com
cedarescape.co.za
**Naaste dorp** Citrusdal 8,5 km.
**Hoe lyk die pad?** Die laaste 570 m is 'n grondpad.
**GPS** S32.633710 E19.080090

**WAS ONS AL HIER?** Ja, April-Mei 2025 (*Ry & Sleep* #66).
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Niks, behalwe instandhouding.

# 139 WACKY ADVENTURES







**Kampplek** Dit is 'n enorme grasperk met 34 staanplekke van 9 x 9 m elk met 'n kraan, 3 x 3 m-skadunetafdak en losstaande braaidrom.
**Ablusiegeriewe** Die ses badkamers is elk 3 x 4 m groot en staan in gelid. Dis puik gesinsgeriewe met 'n oop stort, handewasbak, toilet, tafel en twee plastiekstoele. Tussen die derde en vierde badkamer is 'n oop vertrek met skottelgoedopwasplek en twee kisvrieskaste.
**Aankoms- en vertrektyd** 14:00-19:00 en 10:00.
**Kontak** 084 381 8931
wackyadventures.co.za
info@wackyadventures.co.za
**Naaste dorp** Langebaan 22 km.
**Hoe lyk die pad?** 'n Paar meter grondpad net so goed soos teer.
**GPS** S33.020345 E18.265299

**WAS ONS AL HIER?** Nee.
**WAT'S DIE NUUTSTE?** Nog 'n verhitte swembad is op pad plus 34 staanplekke.

WES-KAAP

# 140 VROLIKHEID









